’n Man Wat Van Die Teenwoordigheid Van Die Here Af Wegvlug

Laat ons ons hoofde buig. Dierbare God, ons is bly vanmiddag vir hierdie geleentheid wat ons het om weereens bymekaar te kom. En U alleen, Here, weet hoe ons harte verlang het na hierdie uur wanneer ons weer hier voor U mense kan staan, en hierdie Boodskap bring wat ons voel so essensieel is dat dit so dringend is in hierdie uur. U het ons nou hierdie paar dae toebedeel, en ons bid, dierbare God, dat U hand van genade op ons sal wees, om ons te lei en rigting te gee. En gee ons daardie dinge wat ons nodig het, Here, want ons harte smag om U beter te ken.

2 Ons sien die groot oesland, wit, ryp, en weet die graan is nou gereed vir die groot dorstyd. Dierbare God, ons bid dat U die doppe rondom ons sal oopbreek, laat ons nou in die Teenwoordigheid van die Seun lê, hierdie volgende paar dae, en rypword vir die Koninkryk van God.

3 Seën elke lied wat gesing sal word. Seën elke gebed, en antwoord elkeen wat gebid sal word, Here. Red al die verlorenes. Roep terug na die huis van die lewende God, en na gemeenskap, hulle wat afgedwaal het.

4 Ons bid, God, dat U elke siek persoon wat onder ons dak kom, sal genees. Skenk dit, Here. Mag daar geen swak persoon onder ons wees aan die einde van hierdie dienste nie.

5 En, dierbare God, dan vir onsself, ons wat in hierdie uur daarop aanspraak maak om die Kerk vir hierdie uur te wees, die Uitgeroepenes, diegene rondom die wêreld wat uit Babilon gekom het om deelnemers te wees van hierdie wonderlike gemeenskap in hierdie laaste dag, ons bid God dat U ons harte in so ’n mate sal seën. Ons is waarlik honger, Here, en leeggemaak van al die dinge van die wêreld, wat ons van weet. Here, ons het elke las afgelê wat ons so maklik omring, en laat ons nou hierdie wedloop met volharding hardloop wat voor ons lê. Skenk dit, Vader. En mag ons voller, sterker, beter Christene wees aan die einde van hierdie diens, as wat ons was toe ons ingekom het. Mag God al die eer kry, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

6 Ek dink dit is ’n groot voorreg, vanaand, waarop ek al vir geruime tyd wag. Nou die dag het ek vir my vrou gesê, ek het gesê: “Ek raak so senuweeagtig om te wag om na die tabernakel te gaan.” Ek het . . . Ek het ander vriende, natuurlik, ek het, om die wêreld, maar daar is iets anders omtrent hierdie tabernakel hier.

Ek was uit hierdie stof hierrond geneem, toe God my hier op aarde lewe geskenk het; en ek vermoed, indien Hy vertoef, dat ek hier iewers begrawe sal word. Wanneer Hy kom, sal Hy my hier iewers kry.

7 Maar, dit lyk asof daar iets is, wanneer ek aan Jeffersonville begin dink. Nou die dag was ek so eensaam; ek het vir my vrou gesê, ek het gesê: "Ek verlang so huistoe, en ek weet nie waarom ek huistoe verlang nie, tensy dit daardie mense is wat vir my bid." Ek het gesê: "Wel, ek sal. . . Die enigste ding wat ek weet om te doen is om terug te gaan en 'n paar dae van byeenkoms te hê, te kyk of ons nie iets van die Here kan kry nie, dalk wil Hy hê ons moet iets weet."

En die groot, essensiële onderwerp wat ons nou voor ons het, is *Troue en Egskeiding*. En as daar 'n vraag is, moet daar 'n antwoord wees. Daar kan nie 'n vraag wees tensy daar 'n antwoord is nie. Dit maak nie saak wat dit is nie, daar moet 'n antwoord wees. As die Here wil, wil ek graag daaroor praat, Sondagoggend.

8 En, dan, môreaand, dink ek moet ons hier bo by die. . . Wat word die skool genoem? [Broer Neville sê: "Parkview."] Parkview ouditorium. Wat, meneer? ["Parkview Junior Hoër."] Parkview Junior Hoër. Hoeveel weet waar dit is? Wel, ek dink hulle sal aanduidings hê, sal hulle nie, Broer Neville? ["Ja."] Laat. . . Dis net hier bokant omtrent—omtrent 'n driekwart myl, en daar sal 'n teken wees. Jy draai terug, van die pad af. Dis 'n mooi hooggeleë gebou. Dit het plekke waar mens jou arm kan uitstrek, en notas neem van wat jy wil skryf, en—en— en dinge. En ek is seker julle sal dit 'n bietjie meer geniet as wat julle sou, soort van beknop in die byeenkomste hier in die—in die tabernakel. Daar sal baie plek wees, baie parkeerplek.

9 Nou, ek dink hulle het 'n klein regulasie gehad wat ons moes belowe om by te hou, dit was om nie op die gronde te kom voor omtrent ses—dertig nie. [Broer Neville sê: "Nie voor vyf—dertig nie; nie hier wees voor vyf—dertig nie."—Rd.] En watter tyd. . . ["Die deure open om ses—dertig."] Ek dink dit sal 'n goeie idee vir ons wees om teen ses—dertig daar te kom.

Nou, hulle het nog 'n ouditorium hier in die stad wat sesduisend sitplekke voorsien. As ons ons goed gedra by hierdie een, sal hulle ons dalk die ander een gee vir 'n groot byeenkoms, miskien hierdie somer een of ander tyd wanneer ek van oorsee terugkom.

10 En so ek dink ons kan sitplek verskaf aan. . . Hoeveel kan ons daarbo laat sit? [Broer Neville sê: "Ons kan omtrent vierduisend laat sit."—Rd.] Vierduisend. So, julle sien, ons het baie plek. Daar sal geen toestroming wees nie. En so kom op teen ses—dertig. En dan kan almal teen die regte tyd inkom, almal saam, en ek is seker julle sal—julle sal 'n goeie sitplek

kry. En dis opgelig soos *die*, en—en 'n plek hier waar jy kan skryf en notas neem, ensovoorts. En dit sal begin, as die Here wil. . .

11 Ek dink nou, vanaand, met die dat dit Woensdagaand biduurdiens is, het ons. . .Die plek is omtrent vol, so ek dink miskien moet ons liewer môreaand begin. Ons het dit net gehuur in geval van miskien, as ons genoeg sou wees om 'n oorloop te hê hier, ons soontoe kon gaan. Maar ek dink dit is. . .dit sou die beste wees om soontoe te gaan, dink jy nie so nie, Broer Neville, om môreaand soontoe te gaan nie? En hoeveel dink dit sou 'n goeie idee wees? En dan kan julle baie—baie plek hê. Dis—dis alreeds gehuur; dis betaal deur sommige broers hier in die kerk. Dit het ons net vyftig dollar per aand gekos, wat baie, baie. . .Wens ek het dit oral gehad, kon soveel laat sit vir vyftig dollar per aand, 'n splinternuwe gebou, mooi verhoog. En, maar ons is. . .

12 Natuurlik, ons sal offers opneem, neem ek aan. En ons wil nie hê daardie mense moet self daarvoor betaal nie; ons sal betaal vir. . .hulle terugbetaal. Maar wanneer ons ons onkoste en dinge kry, wel, dan, natuurlik, hou ons op om offers op te neem. Ons doen nie. . .

13 As daar enige vreemdelinge by ons is, ons het dit 'n beleid gemaak, om nooit te smeek, bedel, of by mense aan te dring vir geld nie. Ons stuur die kollektebord, wat net 'n. . .Dis 'n godsdienstige daad. Ek het dit baie keer probeer, om selfs nie die kollektebord om te stuur nie, glad nie, maar dit werk nie. Sien? Want, gee is deel van ons godsdiens. Dis 'n deel van ons plig. Maak nie saak of dit net 'n tiensentstuk is of wat ook al nie, of 'n pennie nie, dis al. . .

14 So onthou julle, het Jesus 'n weduwee sien verbygaan, eendag, waar die ryk manne baie van hulle skatte in die skatkis gesit het. En hierdie weduwee het verbygegaan, miskien het 'n paar klein, honger kindertjies aan haar sy gestap, en het alles gegee wat sy gehad het, drie pennies. En Jesus het gesê: "Wie het die meeste betaal?"

15 Nou, as ek daar gestaan het, sou ek gesê het: "Moenie dit doen nie, suster. Ons—ons, sien, ons het baie geld." Maar Hy het haar nie gekeer nie. Sien? Hy—Hy het geweet dat Hy iets groter vir haar gehad het langs die pad. So, sien, na alles, het sy 'n huis in Glorie, waarnatoe sy gaan. En Hy het haar nie gekeer nie. Hy het haar haar drie pennies laat insit, want dit was net dat sy dit wou doen. En sy moes dit wou gedoen het; met kinders, en 'n weduwee, en net drie pennies om van te lewe. Sy, sy moes dit wou gedoen het. So, julle sien, wanneer mense graag wil gee, moet julle hulle die geleentheid gee om dit te doen.

16 Maar ek dink aan hulle wat staan, en mense wat sê: "Wie sal vyftig dollar gee? Wie sal twintig dollar gee?" Ek dink dis

nadelig vir jou—vir jou intelligensie. Ek—ek dink dat die mense besef dat dit geld neem om—om 'n—'n byeenkoms te hou. En ek sou hulle dit nooit laat doen nie, die bestuurders nie. Ek het gesê: "Wanneer julle dit ook al moet doen, dan is dit tyd vir my om terug te keer na die tabernakel. So, ons sou dit nie hoef te doen nie." Maar ek—ek dink tog dat ons die dankofferbordjie moet aangee, om—om dit 'n volle godsdienstige byeenkoms te maak.

17 En dus sal hulle seker elke aand 'n dankofferbordjie omstuur, iets sê soos: "Wel, ons neem nou die dankoffer op." En hulle sal die dankofferbordjie omstuur, en dit sal—dit sal die einde wees daarvan.

18 En elke aand, as die Here wil, dink ek dat die Here 'n baie definitiewe Boodskap op my hart gelê het vir die Kerk. Ek was 'n hele paar dae in gebed. En ek sal nie daarop ingaan nie, want 'n baie groot verskynsel het nou die dag gebeur wat werklik groots was. En ek is gretig om julle daarvan te vertel. En nou, die hoofonderwerp, meen ek, wat meeste van almal, het Billy gesê, voor gevra het, was oor die *Troue En Egskeiding*. Wat, dit is 'n groot—'n groot onderwerp, en ek—ek het nie geweet hoe om dit te benader nie. En ek het opgegaan om daarvoor te bid, en die Here het my ontmoet. En ek weet dat ek, deur. . . Ek het dit nie gehad nie, maar God het dit vir my gegee; ek het dit nou. God het my die regte antwoord gegee, sien, sien, en ek—ek weet dat dit waar is.

19 En so weet ek nog nie presies wanneer ek, miskien, Sondag, die susters sal vra om net die diens oor te slaan, self nie, maar ek—ek weet nie. Dit sou daarvan afhang of die getroude vroue saam met hulle mans wil kom. Daar—daar is party lewensbelangrike dinge wat gesê moet word, die waarheid daaromtrent, en hoe. . . En so wil ons dit absoluut uiteensit, van SO SPREEK DIE HERE, dan het julle dit dan. Julle weet dan net wat Waarheid is. En ek vertrou Hom om dit te doen.

20 En, nou, ek was hierbo by die restaurant nou die dag, geëet, en—en Jerry en almal van hulle wat na julle gesoek het. Hulle het gesê, gesê: "Wel, ons. . . " Sommige, een van die kêrels daar, het gesê, hierdie man het gesê: "Ek gaan baie goed doen hierdie week," gesê: "hulle het. . . Of, hierdie volgende twee weke." Gesê: "Hulle het 'n—'n byeenkoms hier, van basketbal, of so iets." Gesê, toe gesê: "Branham is daaronder, gaan 'n byeenkoms hê." Hy het gesê: "Ek gaan 'n hele klomp mense kos gee." By die Ranch House, een van daardie plekke daarbo. En hulle was. . . baie gaaf gewees.

21 En ek waardeer julle almal, want hulle het regtig gespog en mooi dinge van julle gesê.

22 Die bestuurder daarbo by die Ranch House het my nou die oggend ontmoet. Ek het omtrent twee—dertig ingekom van Arizona af. En hy het gesê: "Wel, Broer Branham," gesê: "ek

hoor u gaan nog 'n byeenkoms hê." Gesê: "Ek het nog ekstra hulp gekry," het hy gesê. En gesê: "Dan wil ek net een ding sê, dat daardie mense wat van daaronder af kom," gesê: "hulle is regtig gawe mense." Nou, dit het my baie goed laat voel omtrent julle, sien.

Want, na alles, voel ek soort van dat julle my boklammertjies is, en ek—ek . . . of, kinders, liewer. En so ek . . . Boklam verwys na 'n bok, en julle is nie 'n bok nie. Julle is my lammers. Hoe is dit? Julle is die Here se lammers wat Hy my laat voed het. En ek vertrou dat dit sal—dit sal . . . dat Hy my dit sal laat doen. Ons gaan aan met die pad af.

23 En omtrent hierdie *Troue En Egskeiding*, wou ek oor gepraat het sedert die tyd wat daardie Sewe Seëls. Julle weet die geheim— . . . Al die geheimenisse was veronderstel om bekend gemaak te word in hulle, die Sewe Seëls oop te maak, al die geheiminisse van die Bybel. En ek dink nou, word soort van oud, ek—ek dink ek . . . Ek het gedink ek moet dit ten minste op band sit, hetsy of iets met my sou gebeur, dan kon die Kerk dalk wonder: "Wonder wat hy in gedagte gehad het? Wat sou hy sê?" En al daardie onderwerpe wat blykbaar so moeilik is; ek dink, deur die hulp van die Here, dat ek gaan probeer om hulle vir julle te bring. En dan—dan as iets gebeur, en as ek dalk gaan voor Hy kom, sal julle—julle dit dan op rekord hê.

24 Ek dink ons het 'n paar sommige nuwe boeke uit. Ek sien Suster Vayle; ek weet nie of die dokter hier is of nie. Is hy hier, Suster Vayle? Hy is moontlik in die diens. Ek sien hom nie. Maar, o, ja, daar ver agter. En Broer Vayle het 'n boek geskryf, en dis 'n . . . Ek het gedink, ek glo hulle het vandag gesê, twee. Broer Vayle, is dit reg, jy het nou twee hier? Twee boeke. Nou, ek weet nie, ek . . . Soos ek verstaan, dat elke persoon 'n kopie kry. So ek . . . As julle . . . Dis hoe ek verstaan. Ek mag verkeerd wees daarmee.

25 En dan *Die Sewe Kerkeeue* is voltooi (is dit reg, Broer Vayle?) en nou in druk. En ek weet julle sal hulle wil hê, want hulle beantwoord 'n klomp vrae wat in julle harte is. En dan daarna, wel, ons gaan probeer om die *Sewe Seëls* geopen te kry, julle weet, in die boek, sodat elkeen kan lees in die vorm wat hulle—wat hulle wil, kan verstaan en dit bestudeer. Ek dink wanneer dit uitgeskryf is, as dit . . .

26 Eers het ons dit regstreeks vanaf die band geneem, op die manier wat dit geskryf of gespreek was. Julle weet, mens kan 'n preek preek, dis een ding, en dan om 'n boek te skryf is 'n ander. Sien, soos ek 'n onderwerp sou aanraak, soos ek vir julle sou sê, sou julle verstaan, ek sou sê: "Nou, die saad van die slang," sien.

Wel, nou, die leser van die boek, as jy dit afneem, sou wonder: "Wat is die saad van die slang?" Sien? En hulle sou nie

weet nie. As dit sou gebeur dat dit na 'n plek soos Princeton sou gaan of iewers, en hulle—hulle sou dink dat ons onintelligente mense is.

Dus het ek Broer Vayle gekry om my soort van te help hiermee en dieselfde gedagtegang te behou, en dit grammatika te gee. En ek is seker dat my grammatika hulle sou . . . Dit sou duister wees vir hulle, vir seker. So die . . . Broer Vayle is baie goed daarmee, so hy is 'n . . .

27 En dan, daarin, dink ek ons kosbare broer moes 'n bietjie ekstra inspirasie gekry het, op 'n manier, en hy het gesê hy gaan 'n paar boeke van sy eie skryf, van hulle af, soortvan. En so het hy een geskyf, glo ek, *Die Twintigste Eeu Profeet*, en nog een, *Loadicea Kerk*, glo ek, of so iets soos dit.

28 En Billy het my dit vanaand vertel, dat, daar glo etlike duisende van hulle aangekom het vandag; iemand het hulle van Texas af gebring. En so, hulle, hulle sal hier wees. En hulle sal dit aankondig, dink ek, wat hulle ook al is. Ek dink hulle is geborg. Ek is nie seker nie. En as hulle is, sal hulle weggegee word aan julle, julle sien, ook, gratis. En ons hoop dat julle dit sal geniet. En as julle dit doen, skud Broer Vayle se hand daaragter, en sê hom hoeveel julle dit waardeer. Ek het dit self nog nie gelees nie. As ek hulle sou lees, mag ek my gedagtes daaromtrent verander, so ek sal probeer om hulle hierdie week te lees terwyl ek 'n kans het, as ek kan.

29 Nou terwyl dit Woensdagaand is, begin ons byeenkoms amptelik môreaand. Maar ek dink, terwyl ek hier onder julle is, ek—ek—ek kon net nie daarbo by die huis bly en—en weet dat julle almal hieronder is nie. Ek . . . Net soos, julle weet, as van jou familie arriveer, julle weet, en jy in die laan afhardloop om hulle te ontmoet, julle weet. En—en ek—ek het gedink ek sal net afkom en—en julle in Jeffersonville verwelkom. En so hierdie afgelope week het ek omtrent . . .

Nee, ek vra om verskoning, dis omtrent drie weke gelede dat ek huis toe gekom het. Ek was uit en het probeer om . . . Was by 'n paar byeenkomste daar deur Arizona, en ek het teruggekom om te probeer ontspan. En ek het op 'n jagtog gegaan, en ek—ek het die rekord leeu van Arizona staat gekry. Ek het hom deur twintig myl bos agtervolg om hom te kry.

30 Maar dan om te dink, egter, dat ek nooit gedink het toe ek 'n seuntjie was nie . . . Net om te wys hoe hierdie dinge gebeur, 'n klein plekkie wat die Here ons daarbo gegee het, vir die maande wat ons daarbuite is, en skool vir die kinders.

Ek was 'n klein seuntjie. Ek reken Jimmy Poole is vanaand hier, miskien is sy pa hier, groot Jim. Ons het saam skoolgegaan, en ek onthou ek het daar gesit, soos 'n klein ou verflenterde kindjie, en skoene, tennisskoene aan, tone aan die buitekant; 'n stuk papier geleen van een, en 'n potlood van 'n ander.

31 Ek het vroeër gedigte geskryf. En Mev. Woods, hier, het my dit vanmiddag, laat voordra op band, oor my ou Ford, julle weet, en dis—dis 'n goeie een. Nou, sy het gesê: "Wel, jy behoort dit vir Mnr. Ford te stuur."

Ek het gesê: "Daar is te veel waarheid in, glo ek," omtrent 'n geratel voor, en 'n geknars agter, en 'n uiters ingewikkelde stuurstelsel. Maar ek . . . Dis—dis 'n . . . Maar ek het altyd gesê, die enigste ding wat ek moes doen was om vier bande te tel, en dit genoeg te skud om dit te laat vat en dan in te klim. Ek het gesê: "Dit was goed toe ek die heuwel begin opgaan het daarmee, net baie stadig getrek het, gesê: 'Ek dink ek kan, ek dink ek kan, ek dink ek kan.' Dan die ander kant begin, en sê: 'Ek dog ek kon, ek dog ek kon.'" Sien?

Dis hoe ons teen hierdie heuwel opgaan, soos *Die Pelgrim Se Reis*. So ons . . .

32 Ek het 'n gediggie wat ek geskryf het, iets soos hierdie. En het gesê . . . Nou, dink net, ek was net omtrent twaalf jaar oud. En daarbo gestaan, nou die dag, opgekyk na daardie diepkloof; en gedink: "Daardie leeu sal reg hier in hierdie studeerkamertjie sit, en by die venster uitkyk," in 'n glas venster. Ek het aan 'n gediggie gedink. Ek het teruggegaan en dit opgetel, iets soos hierdie. Dink net hoe God . . .

33 Glo julle God is in alle inspirasie? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.] God moet 'n lied skryf. Glo julle God is in liedere? ["Amen."]

Jesus het so gesê. Hy het terugverwys na Dawid: "Weet julle nie wat Dawid in die Psalms gesê het nie? Julle weet, het nie . . . "

34 Kyk na die einste kruisiging. Dawid het dit gesing, in die 22ste Psalm: "My God, My God, waarom het U My verlaat? Al My beendere, hulle sien op My neer. Hulle het My hande en My voete deurboor." Julle weet, en dit was 'n lied. Psalms is 'n—is 'n lied.

35 En in hierdie gedig, kyk net hoe dit uitgekom het. Daar gesit, as 'n ou klein kindjie met 'n geleende stuk papier, het ek gesê:

> Ek is eensaam, o so eensaam vir daardie ver af suidweste,
> Waar die skadus die diepste val oor die bergtop heen.
> Ek kan 'n loerende prêriewolf al rondom die pers newel sien;
> Ek kan 'n lobo hoor skree onder waar die langhorings wei.
> En iewers bo in 'n diepkloof kan ek 'n leeu hoor brul,
> In daardie veraf Catalina Berge by die Arizona grens.

36 Veertig jaar later, sit ek net hier by daardie diepkloof, daardie leeu wat my in die gesig staar.

O God, daar is ’n land oorkant die rivier iewers, vriende. Dit is net . . . Dit moet daar wees. Sien? Daar is—daar is te veel wat daarvan getuig. Al hierdie dinge is nie net mites nie; hulle is . . . Hulle is eg. Hulle is werklikhede. Ek is so bly om vanaand hier te wees, om by hierdie mense te wees met wie ek verwag om daar oorkant saam te leef vir ewig, waar daar nie meer siekte, of dood, of skeidings sal wees nie. En reis sal dan niks vir ons wees nie.

37 Nou, ek dink geen byeenkoms is volledig sonder die lees van die Woord en ’n bietjie . . .

Broer Nevillle, ek het net hier opgestap. Billy het gesê julle wou hê ek moes preek. Was dit reg, Broer Neville? [Broer Neville sê: “Amen. Ja. Seker.”—Rd.] Ek het miskien te veel as vanselfsprekend aangeneem, maar ek—ek het so goed daaroor gevoel. [“Wel, amen! Sekerlik!”]

So, nou, julle wat liedere en dinge het, sien Broer Neville wanneer julle gaan sing, en hê dit dan net, hierbo. En hê net omtrent ’n halfuur voorafgaande, en laat ons net ingaan in hierdie regtige diep Boodskappe en kyk wat ons kan sien wat die Here wil doen. En ek vertrou net . . .

38 Ek—ek glo ons het Waarheid. Ek is tevrede daarmee. En ek glo die koring is, absoluut, die dop is besig om weg te trek daarvan. Julle weet. En, sien, ek mag ’n klein voorspel daarvan gee, môreaand, sien, hoe die dop wegtrek van die koring. Maar die koring moet in die Teenwoordigheid van die Seun lê, om ryp te word. En dit is waarvoor ons hier is, vriend, bly in die Teenwoordigheid van die Seun totdat ons klein groepie mense hier, totdat dit só ryp word in Christus dat, dit brood op Sy tafel word. Dis wat ek wil hê dit moet doen.

39 En nou voor dat ons die Woord benader, na die voordra van gedigte, ensovoorts, laat ons weer bid. Dan gaan ons ’n teks neem.

40 Dierbare Jesus, help ons vanaand nou, in hierdie paar woorde, soos ons op U wag. En ons bid dat U genade en barmhartigheid met ons sal wees, Heer. En versag ons harte; laat al die doppe, die dorings, die distels wegbeweeg, die geseënde sonskyn van God inskyn op die Woord, Heer. En mag ons so ’n wonderlike byeenkoms hê dat daar nie ’n ongeredde persoon onder ons sal wees nie, al die kinders in die Koninkryk van God sal wees. Diegene sonder die doping van die Gees, mag hulle Dit ontvang, Vader. Mag al die groot geheimenisse wat ons veronderstel is om in hierdie eeu te weet, Heer, aan ons ontsluier word; en dat ons die eenvoud van God sal sien, sodat ons sal weet hoe om onsself te gedra en op te tree, onsself te

korrigeer en die ledemate van ons liggaam onder dissipline van die Woord te bring, dat ons mag weet hoe om te lewe in hierdie huidige dag by die nadering van die Here Jesus.

41 Soos ek vanaand van U Woord lees, Heer, mag ek deur 'n gedeeltelike opvoeding, in staat wees om sommige van die woorde reg te lees, en dalk ander verkeerd uit te spreek. Maar, Here God, net U kan die konteks daarvan uitbring. U is die enigste Een wat dit kan doen. Daar is geen—geen manier vir 'n menslike wese om dit ooit te doen nie; dit lê in U hande, Heer. So gee aan ons, elke aand, daardie dinge wat weggesteek is in U Woord, dat ons beter Christene mag wees en lewe volgens die tyd waarin ons lewe, as voorbeelde van Christendom. Ons vra in die Naam van die Here Jesus. Amen.

42 Nou, baie van julle, in julle Bybels, ek wil hê dat julle sal blaai na die Boek van Jona. Dis 'n. . . Ons praat altyd soveel van Jona as teruggevalle en alles. Ek het nog altyd vir Jona opgekom. Ek glo nie dat Jona teruggeval was nie. Ek—ek glo dit nie. Ek glo dis net. . . Ons gebruik dit net somtyds, sê: "Hy is 'n Jona." Maar as ons. . . Ek het alreeds daaroor gepraat, op 'n ander manier, vertel hoe ek gedink het, Jona, wat plaasgevind het.

> *En die woord van die HERE het gekom* tot *Jona, die seun van Amíttai, en gesê,*
>
> *Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé en* preek *daarteen, want hulle boosheid het opgestyg voor My aangesig.*
>
> *Maar Jona het hom klaargemaak om na Tarsis te vlug van die aangesig van die HERE af weg; en hy het na Jafo afgegaan en 'n skip gevind wat na Tarsis sou vaar. En hy het die reisgeld daarvoor betaal en daarin geklim om saam met hulle na Tarsis te vaar, van die aangesig van die HERE af weg.*

43 Is dit nie 'n treurige einde nie? 'n *Man Wat Van Die Teenwoordigheid Van die Here Af Wegvlug*, en dis my onderwerp.

44 Nou, eers wil ons hieraan dink. Jona was. . . Die rede, die hoofrede, dat ek glo dat hy hierdie groot ding gedoen het, was omdat Jona 'n Jood was. En hy was gevra om na 'n Heidense stad te gaan, uit te roep daarteen; gedink dat hy nie ontvang sou word nie. Omdat die Heidene sou dink: "Wat het hierdie Jood te doen met ons?" Maar, julle sien, nog 'n ding, dit gee ons 'n groot ding om hier te sien, dat God nie net alleen God van die Jood is nie, maar Hy is God ook van die Heiden. Hy is God van alle mense.

45 Hy het net die Jode gekies. Die Jode was God se uitverkore volk genoem. Hulle was uitverkore vir 'n bepaalde rede. En

daardie rede was, om hulle die wet te gee, en hulle kon dit nie onderhou nie. En Hy het net gewys, deur daardie mense, dat die wet nie onderhou kon word nie, en dat Hy 'n—'n—'n God van geregtigheid was. En die wet vereis geregtigheid, maar daar was geen genade in die wet nie, om 'n mens uit te bring nie. Geen straf was deur die wet betaal nie, maar dit het genade gekos om daardie straf te betaal, of waaraan die wet ons onderwerp het.

46 En hier was Jona geroep, as hierdie, een van die mindere profete van die Bybel, om na hierdie stad af te gaan.

En hier vind ons 'n voorbeeld van almal van ons. Elkeen van ons, ons vlug gedurig van iets af weg. Ons vlug van moeilikheid. Ons vlug van verantwoordelikhede. Ons, ons is almal geneig om dit te doen. Ons, ons is, ons is meer geneig om te vlug as wat ons is om te staan en dit te konfronteer. Sien, ons net . . . Ons—ons—ons vind onsself aan die vlug.

Partymaal vind ons onsself geneig om van werk af weg te vlug. Ons wil nie, ons wil nie werk nie. Sommige mense dink hulle kan hulle lewe maak sonder om te werk. Maar, ek dink, dit was Salomo wat gesê het dat ons die antwoord hier kon vind, deur 'n mier dop te hou.

47 Julle weet, 'n klein miertjie, hulle sê vir my dat as daardie (elke) mier nie werk en wegbêre nie, eet daardie mier ook nie daardie winter nie. So, almal moet—moet werk.

48 Ons het soveel dinge wat ons moet doen, soveel verantwoordelikheid wat ons moet nakom. Elkeen moet 'n sekere verantwoordelikheid nakom.

49 Wanneer jy—waneer jy daarby kom om—om jou vrou te kies, om te trou, of om jou man te kies, dan moet jy—jy 'n verantwoordelikheid neem. En dan moet jy onthou . . . Miskien bou jy 'n huis; dis 'n lekker mooi huis. En dan, onthou, as 'n getroude vrou, moet jy aan die verantwoordelikheid dink van kinders grootmaak. En jy moet aan daardie mooi gladde mure dink wat klein vuil handemerke reg oor hulle gaan hê. Dan het jy die verantwoordelikheid om jou kinders op te voed. Jy het die verantwoordelikheid van klere en kos.

50 Alles is 'n verantwoordelikheid. En dis so maklik, wanneer die verantwoordelikheid ons konfronteer, om hulle te ontduik. En ons vind uit dat die huwelik 'n verantwoordelikheid is, op alle maniere.

51 Selfs, baie keer, vind ons . . . Dit is hard om te sê, maar dis waar, dat predikers, baie keer, 'n verantwoordelikheid ontduik om vir die ware Woord van God te staan wanneer hulle Daarmee gekonfronteer word. Hulle sal daardie verantwoordelikheid ontduik. Wanneer die Waarheid van die

Woord van God van aangesig tot aangesig gebring word met ons menslike wesens, het ons . . . is ons geneig om terug te trek tot by die laaste uitweg.

52 Ek het so pas klaar gepraat met my klein nefie daarbo. Hy is 'n Katoliek, en hy . . . En ek het daardie seun gedoop, in die Naam van Jesus Christus, hier 'n paar jaar gelede, en hy het 'n meisietjie gekry en Katoliek geword. En ek het sy ma se hand vasgehou toe sy daar oorkant gesterf het. Sy het vir my gesê, die laaste woorde: "Kyk na Melvin." En hy is net aan die drome droom. Hy kan net nie . . . Elke, elke dag, die afgelope week, het hy drome gedroom. Het gesê: "Ek sou in jou kerk instap, Oom Bill, en jy sou daar staan en preek. Ek sou ophardloop, om 'n belydenis te begin maak. Ek sou wakker word. Hy het gesê: "Ek—ek was verkeerd."

Ek het gesê: "Melvin, jy het nie 'n interpretasie daarvoor nodig nie. Jou plek is hier onder waar jy behoort." Dis reg. Sien?

53 Maar om verantwoordelikhede na te kom, neem somtyds die vel van ons af, om dit te doen. As 'n vader, om verantwoordelik te wees, om jou kind 'n pak te gee. Daardie klein knapies, jy wil dit nie doen nie. Maar as 'n vader of 'n moeder, moet jy die verantwoordelikheid op jou neem om daardie kind groot te maak, want die Bybel het gesê: "Spaar die roede en jy sal die seun bederf." En dis staan nog steeds goed ten aanskoue van elke sielkundige wat daar in die wêreld is. Dit bly steeds God se Waarheid. As meer daarvan gedoen was, sou ons nie soveel jeugmisdaad en dinge, en die verottenheid wat ons vandag in die wêreld het, gekry het nie. Maar die ou goue reël van die huis is verbreek, al lankal, en hulle laat die kinders doen net wat hulle wil.

54 Maar selfs soos ek gesê het, predikers, hulle sal van aangesig tot aangesig kom met Waarheid, en dan Daarvan wegstap. Sien, hulle is—hulle het net . . . Dit lyk of daar iets is wat hulle—hulle nie in die oë wil kyk nie.

55 Baie keer het ek mense gehad wat gekom het en sê: "Ek weet dis reg Broer Branham, maar as ek dit doen, sal hulle my uitskop uit die kerk." Wat daarvan? As jy dit nie doen nie, gaan hulle jou Daarbo uitskop. So jy moet iewers uitgeskop word, sien. So jy kan dit net sowel in die gesig kyk, in plaas van daarvan weg te vlug en te sê: "Wel, ek sal *hiernatoe* gaan. Ek sal nie teruggaan nie." Gaan terug, sekerlik, luister na nog meer Daarvan.

Deursoek die Skrifte. Jesus het gesê: "Ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle Daarin die Ewige Lewe het, en Dit is Dié wat van My getuig." Maar ons vind dat mense dit nie in die oë wil kyk nie.

56 Om gebring te word na, in die Teenwoordigheid van God, en te sien wanneer God ’n belofte gemaak het, en God is gebonde aan daardie belofte. En wanneer Hy daardie belofte teweegbring, dan is mense bevrees om die verantwoordelikheid in die oë te kyk om aan die Boodskap van die uur te voldoen. Ons vind dit oral.

57 Wat omtrent julle, Lutherane? Hoeveel Lutherane was bang om te, mense was bang om Luther se Waarheid in die oë te kyk toe hy vorendag gekom het met regverdigmaking? Kyk wat dit jou gekos het, dalk jou eie lewe, om uit te kom en Jesus Christus te bely en—en ’n—’n Lutheraan te word.

58 Kyk na julle Metodiste, hoe dit vroeër was, julle was almal “holy rollers”, genoem. Ek skat julle het dit geweet. En hulle sou onder die Gees kom, en heen en weer ruk. En hulle het gesê hulle—hulle het “die rukkens.” Die Met—. . . Dit, nee, dit was nie Pinkstermense nie; dit was Metodiste, lang jare gelede. En hulle het geruk, en geskud, en geval onder die krag van God. En hulle het water in hulle gesigte gegooi, en hulle met waaiers gewaai, gedink dat hulle flou geword het. En, nou, julle was beskou as ’n klomp “holy rollers.” Maar julle moes, julle moeders en vaders, moes Dit óf aanvaar, die Waarheid en feite in die gesig staar, óf haar verwerp.

59 Wat van julle Pinkstermense wat die herstel van die gawes ontvang het, toe die doping van die Heilige Gees uitgekom het, met die praat in tale, en die gawes van die Gees wat teruggekom het in die kerk? Wel, die Metodiste wou julle uitskop, en hulle het dit gedoen. Maar julle moes dit in die oë kyk. Dis iets wat julle moes doen.

Wat van die strydpunt, toe dit uitkom, omtrent die doop in die Naam van Jesus Christus, en julle gesien het dit was die Waarheid? Julle moet dit in die oë kyk, of iets doen daaromtrent.

Julle het ’n verantwoordelikheid, almal het, en julle moet hierdie dinge in die oë kyk. Goed.

60 En wanneer julle dan sien, nou in hierdie dag, wanneer die Woord van God hierdie beloftes gemaak het van dinge wat ons nou sien gebeur, dan het ons die verantwoordelikheid om Dit óf in die oë te kyk of Daarvan weg te kom. Julle het. . . Julle kan nie neutraal bly nie. Julle moet iets Daaromtrent doen. Gesê. . . Een of ander beweging moet gemaak word.

Julle kan nie by daardie kerkdeur uitkom en dieselfde persoon uitgaan wat jy ingekom het nie. Julle is óf verder weg, óf nader aan God, elke keer wat julle inkom of daar uitgaan.

61 O, hoe maklik is dit vir mense om hierdie dinge te ontduik. En ek wil hê ons moet hieraan dink wanneer ons met die amptelike dienste begin môreaand, dat, ek wil hê julle moet

oplet dat wanneer iets gekonfronteer word, as julle. . . as daar 'n vraag oor is. As daar 'n vraag oor is, moet daar 'n antwoord wees.

62 Sê, byvoorbeeld, ek het gesê ek gaan weswaarts, en julle het my in *hierdie* rigting beduie. Wel, die eerste ding wat julle weet, sou ek loodreg verby my mikpunt gaan, en ek is te. . . ek is noordwes. Wel, wat as iemand my af in *hierdie* rigting beduie, en ek gaan daarlangs? Ek sal weer by my mikpunt verbygaan; ek het suidwes gegaan. Wel, solank as wat daar 'n vraag is, watter rigting wes is, moet daar 'n direkte antwoord iewers wees.

En wanneer hierdie vrae ons konfronteer, omtrent die Bybel Waarhede, moet daar die regte antwoord iewers wees. Dis reg. Dit moet daar wees.

63 En as ons Iets sien wat gepresenteer word. Ek dink, in plaas van net weg te hardloop, sê: "O, onsin, ek kon nie 'n ding soos Daardie glo nie! Ek kon nie Dit glo nie." Hoekom neem jy nie die Bybel, en sit en kyk Dit in die oë nie. Bestudeer Dit. Jy is nou hier in die byeenkoms, gaan Dit na. Gaan Dit na, self, met die Woord. Toets die Woord, deur die Woord. Dis die enigste manier om Dit die Waarheid te laat vertel. En Dit moet die Waarheid vertel, van Génesis tot Openbaringe.

64 Christus is die openbaring van die hele Bybel. In Hom, Christus, al die volheid. Die vervulling van al die profesieë van die Bybel word onvoorwaardelik in Christus Jesus nagekom, want Hy was God gemanifesteer in die vlees.

65 Nou wanneer ons hierdie dinge vind, egter, wanneer ons gekonfronteer word en in 'n byeenkoms kom, en die Krag van God sien beweeg en dinge doen, en bonatuurlike werke doen, en dit uitgevoer sien, en in die Bybel kyk en sien dat dit vir hierdie uur belowe is; wanneer ons dan daardie dinge sien, dan is ons gekonfronteer met 'n verantwoordelikheid om dit óf te aanvaar, ek bedoel, soos vir onsself.

66 Nou, baie mense simpatiseer, baie mense sê dis reg. Maar dit doen nie—dit maak dit nie wat. . . Dit is nie die ding waarvoor jy aanspreeklik is nie. Soos ek gesê het, wat as daar. . .

67 As ek 'n jong man was, en 'n vrou gesoek het, om te trou; en hier het 'n meisie gestaan wat elke vereiste nagekom het wat ek gedink het dit geneem het om 'n vrou te maak. Wel, moreel was sy 'n koningin, en lieflik, en—en 'n mooi persoonlikheid, 'n ware Christen, alles wat ek aan kon dink, om my 'n goeie vrou te maak. Ongeag hoeveel ek sê sy is perfek, sy's presies reg nie, sy is nie myne tot ek haar aanvaar en die verantwoordelikheid van haar as my vrou nie.

68 Dis dieselfde ding wat die Boodskap is. Jy mag sê: "Dis reg, of *dit*, *dat*, of die *ander*. En sê: "Ek simpatiseer Daarmee. Ek

glo Dit is die Waarheid." Maar jy moet Dit aanvaar; en Dit moet 'n deel van jou word, en jy 'n deel Daarvan. Jy moet . . . Dan, is Dit joune.

69 Wanneer jy met hierdie sekere vrou trou wat jy gekies het, dan is julle—is julle een.

En dis hoe jy met Christus is. Wanneer jy Hom gemanifesteer sien en werklik gemaak word, dan is jy deel van Hom, en Hy is deel van jou. En, saam, is julle deel van die Boodskap.

70 O, hoeveel denominasionele skepe het ons wat afgaan na Tarsis, vir die Jonas van hierdie dae, negehonderd van hulle, so iets, skepe wat die maklike roete neem. Wil dit nie in die oë kyk nie.

Jona wou dit nie in die oë kyk nie, die ding om na die Heidene toe te gaan nie. Hy wou nie daardie wrede Boodskap soontoe neem nie: "Binne veertig dae, sal julle doodgaan as julle nie bekeer nie." Hy het dit gehaat om dit te doen. En hy het gedink: "Daardie Heidene, dis moeilik om te sê wat hulle aan my sal doen." Maar hy moes dit in die oë kyk. Sien? Maar hy het 'n gemaklike skip geneem en afgegaan na Tarsis, afgeklim in die romp van die skip en aan die slaap geraak; het die maklike roete geneem.

71 Dis 'n maklike weg, dis 'n gewilde weg met die mense. Dis maklik om die weg te neem waar almal jou op die skouer klop en sê jy is 'n goeie kêrel: "En dit is *dié—en—dié* en sekere," en die wêreld sal na jou kyk. Dis maklik om die gewilde weg te neem.

Maar wanneer—wanneer jy iets verskillends moet doen, wanneer jy by jou oortuigings moet staan van wat jy weet die Waarheid is, daar is waar die moeilike deel, wat die wrywing kom, net daar.

72 O, soos ons baie keer daardie ou lied gesing het:

> Hoe maklik wyl ons seil op see, en dis kalm,
> Te vertrou op die krag van Jehova se groot arm.

Maar, o, laat die golwe begin waai, laat—laat die wind waai en die golwe opswiep, wat doen jy dan?

73 Iets soos wat ek vertel was, eenkeer, wat 'n dame gesê het. Terug in die dae van die kar en perd, wat gesê het dat die perd weggehardloop het met haar, terwyl sy van die kerk af gekom het. Gesê: "Wat het u gedoen?"

74 Gesê: "Ek het die Here vertrou totdat die toue gebreek het." Wel, dis die tyd om die Here te vertrou, na elke . . . na die toue gebreek is. Jy vertrou op die toue totdat hulle gebreek is. Ja.

75 En so vind ons uit dat ons baie maklike weë het om te gaan, skepe wat afgaan na Tarsis, want dis maklik, die onverantwoordelikhede. Dit vloei net in, alles gaan goed vir jou; almal hou van jou. En, almal, jy is 'n. . . Niemand verskil met jou nie; jy verskil met niemand nie. Nou, as dit nou nie 'n vadoek is nie! Dis reg. Ja, omgestote, lamsak! Wel, enigiemand, ek gee nie om wie jy is nie, en waarvoor jy staan nie. . . Eintlik, opregdenkende mense sal meer van jou dink as jy vir jou oortuiginge sal staan van wat reg is. Reg. Gee nie om. . .

76 Neem 'n vrou, sy mag nie ooit baie aantreklik wees, of wat ook al sy is nie; maar laat daardie vrou staan vir beginsels van vroulikheid, laat haar soos 'n dame staan; en as 'n man 'n ons van man aan hom het, sal hy vir haar opkom. Absoluut. Ons waardeer iets wat—wat iemand het, dat hulle glo dat dit die waarheid is en sal staan vir wat hulle dink is reg.

77 Hoe waterig, dis wat te veel Christene vandag is, is so saggeseep en alles, totdat hulle dink al wat hulle moet doen is behoort aan 'n kerk, gaan iewers in, sit hulle naam op 'n boek, of doen 'n klein ietsie, spring op—en—af, skree, of—of so iets soos dit, en noem dit Christelikheid.

Christelikheid is 'n alledaagse, harde lewe, vir God lewe in die. . . hierdie huidige wêreld. Dis 'n konstante brand deur die Vuur en Liefde van God, in die hart, wat jou aan die brand steek en jou daar buite sit met die mense, en bekeerlinge maak vir Christus. Verantwoordelikhede.

78 Maar dis maklik om die weg te neem wat die wêreld neem. Dis maklik om stroom af te vloei.

Gaan daar buite en sit op die rivier, met jou boot. Kry jou spane en begin roei teen die stroom; jy sal nie veel tyd wen nie, en dit gaan swaar. Maar laat los net eenkeer die spane en kyk hoe vinnig jy by die bome verbygaan, aan die afgaan, maar kyk waarheen gaan jy!

Wanneer dinge maklik drywe, onthou, jy gaan na 'n—'n groot stortvloed daar onder, van een of ander soort. Jy gaan na die watervalle, en dit sal nie lank wees nie of jy gaan oor die watervalle. Net te drywe saam met die wêreld, maklik, die manier wat dit gaan, jy wil nie dit doen nie. Nee, meneer. Maar jy moet res—. . . jou verantwoordelikhede aanvaar.

79 Nou, julle glo Dit, en julle het a—. . . Julle dink Dit is die Waarheid.

80 En die verantwoordelikheid wat God ons in hierdie dag gegee het, om hierdie Boodskap te bring! En soos ek ouer word, en ek weet my dae word korter, voel ek die verantwoordelikheid erger as wat ek ooit gevoel het. Beur voort, ons moet dit doen! Ons moet daarby kom, in oral waar ons gaan, en die Boodskap vertel; en—en vertel die mense dat

Jesus Christus kom, dat Hy God is en Hy kom gou. Daar is nie ’n—nie ’n hoop oor in die wêreld behalwe die Koms van die Here nie.

81 Daar agter gekyk na sommige vriende wat saam met my daarbo was toe die Engel van die Here. . . Hierdie seuns wat hier sit, ek glo hulle het die plek gevind waar dit daarbo gebeur het. En onthou net wat die Here daardie dag aan Broer Woods gesê het. Het die heuwel opgestap. En—en hy was soortvan aan die huil, omdat sy vrou siek was. En die Here het gesê: “Tel daardie klip op en gooi dit op in die lug, en sê: ‘SO SPREEK DIE HERE.’” En ek het dit gedoen. En Broer Woods sit as ’n getuie.

82 En ek het gesê: “Broer Woods, dit sal nie lank wees tot jy iets sien gebeur nie.” En die volgende dag, toe ons daar gestaan het, almal van ons saam. . . En ’n klomp van die manne staan net hier vanaand.

83 ’n Jong prediker was daar, en hy was ’n. . . Ek het opgemerk. . . Ek het hom net die aand tevore ontmoet. Hy was in ons kamp. Hy het gekom om by ons te wees. En hy het vir my gesê, hy het gesê: “Broer Branham, sien u ooit visioene, buite soos hierdie?”

84 Ek het gesê: “Ja, meneer. Maar ek kom hiernatoe, om weg te kom daarvan, om soortvan ’n bietjie te rus. Hy het gesê. . . “Wel,” ek het gesê: “Ek—ek. . . Natuurlik, Hy wys my dinge hier buite.” En ek het gesê: “Net oorkant die heuwel hier, waar die sewe Engele verskyn het daar onder.”

Hy het gesê: “Ja, ek verstaan.” Gesê: “Ek was een van die borge van u byeenkoms oorkant in Kalifornië.”

Ek het gesê: “Wel, ek is sekerlik bly om dit te weet.”

85 En terwyl ons daar staan, net toe het ek omgekyk en ek het ’n soortvan gesette dokter gesien kyk in sy oë, en ek het hom hoor sê: “Jy gaan daardie oog verloor, want daar is ’n allergie daarin. En ek het dit vir twee jaar gedokter, en jy gaan daardie oog verloor.”

Ek het gesê: “Die rede waarom jy my dit gevra het, was omdat jou dokter jou nou die dag gesê het dat jy daardie oog gaan verloor.”

En hy het gesê: “Dis korrek,” en hy het omgekyk soos *dié*.

86 En ek het sy moeder een van haar kouse sien uittrek en haar voet uithou, met klein gewassies wat afhang tussen haar tone, op—en—af langs haar been; en gesê: “As jy Broer Branham sien, vra hom om hiervoor te bid.”

En ek het gesê: “Jou moeder gee haar. . . het haar voet uitgesteek soos *dié*, en gesê sy het. . . het klein gewassies oor haar—haar tone, en soos dié; en gesê: ‘Kry Broer Branham om te bid.’”

Hy het gesê: "Broer Branham, dis die waarheid."

87 Ek het agtertoe gekyk. Toe ek het, sien ek hom daar staan en kyk na my, soos *dié*, met sy oë net so helder. Ek het hom hierdie herfs ontmoet; hy het beter oë as enigiemand in die kamp gehad. Die Here het hom genees en hom gesond gemaak.

88 Terwyl ek daar gestaan het, het die Here gesê, my gewys wat gaan gebeur. "Oordeel gaan die Weskus tref." En Hy het gesê: "Loop soontoe, langsaan daardie vuurmaakplek."

89 En ek het 'n graaf in my hand gehad; daar na oorkant gestap. En Broer Roy Roberson, almal van ons ken hom hier. Hy is nie vanaand hier, wat ek van weet nie; hy is daar in Arizona. Hy is die voorsitter van die trustees hier, en ek het hom geken as 'n veteraan. En iets sou gebeur; 'n regte mooi, stil oggend, omtrent tienuur in die oggend. En die kêrels almal daar rond, tien of twaalf van ons, het die tente laat sak, en die varke afgeslag, en dinge. So ons . . . ek het omgeloop, ek het gesê: "Roy, kruip weg, gou. Iets gaan gebeur." Ek kon hom nie meer sê nie. Maar net die tyd wat ek daar gekom het . . .

En uit die hemele het die warrelwind van God gekom, en geklap, soortvan, die heuwels geskud, aan die binnekant van die berg gehardloop, 'n strook reg rondom dit uitgesny, omtrent vyf voet bokant my kop, en al die toppe van die bome afgesny, soos die klippe uitgegaan het. Opgegaan in die lug en weer afgekom, met nog 'n groot doping, en oor die berg getrek, en die rotse ver uitgegooi soos dit. Dit drie keer gedoen, en toe opgegaan in die lug.

En Broer Banks kom oor na my toe, gesê: "Is dit wat jy gister gesê het?"

Ek het gesê: "Ja, meneer, dis presies dit." Sien?

90 En toe twee dae daarna, het Alaska gesink, amper, daarbo. En op—en—af met daardie Weskus was daar donderslae en stote, en alles wat gebeur het. En een van hierdie dae gaan sy onder die see ingly. Reg. Wat is dit? Ons lewe in die uur van die Koms van die Here.

91 Ons sien ismes en dinge opkom, en al hierdie verskillende dinge, ons weet daar moet 'n ware antwoord wees hiervoor.

Daar is nou mense daarbuite in die land, wat in grotte en dinge ingaan: "En op die 16de Maart," julle het dit gelees in die koerant, "kom die Here." Julle weet dit is nie so nie.

Jesus het gesê: "Geen mens ken die minuut of die uur nie."

92 Wanneer ons al hierdie dinge sien, en dinge gebeur op die manier, dan moet daar 'n ware antwoord wees iewers. Daar moet 'n Waarheid wees. Daar is een, oos; en een, wes; maar daar is een, suidoos, en noordwes, of iets. Maar daar moet 'n ware antwoord, iewers wees, vir die probleem. [Leë kol op band—Rd.]

93 Dit ontduik? Ons moet die mense vertel dat ons in die ure lewe van die Koms van die Seun van God. Ons wil—wil dophou en (God) aan die beweeg bly, die hele tyd, gereed om ’n man ’n korrekte antwoord te gee.

94 Dit was altyd so. Dit was—dit was in die mens; het weggeskram en weggegaan van God af, van Adam af, in die tuin van Eden. Toe Adam in die tuin van Eden was, toe hy voor die verantwoordelikheid gekom het om sy keuse te maak, sou hy by God bly of met sy vrou saamgaan? Hy moes daardie ver. . . Hy moes dit maak, die verantwoordelikheid het by hom berus. Hy moes óf neem wat sy vrou gesê het of wat God gesê het. En toe hy gekies het om die weg van sy vrou te gaan, en toe hy dit gedoen het, het hy sy oorspronklike toestand verloor. En die hele wêreld aan die dood onderwerp, toe hy die verantwoordelikheid moes neem, van óf ’n nuwe lig wat sy vrou gevind het te aanvaar, wat teenstrydig was.

O God! Dink daaraan. God het hulle net omtrent agt of tien Woorde gegee om te onderhou. “Maar van daardie boom mag julle nie eet nie.” Dis al wat hulle moes onderhou. En selfs met. . . [Leë kol op band—Rd.] . . . veel Woord, het hulle Dit verbreek.

Toe moes Adam te staan kom voor: “Sal ek, sal ek doen soos my vrou gesê het om te doen, of sal ek doen soos God gesê het om te doen?” En hy het uitgestap met sy oë oop. Hy moes die verantwoordelikheid neem. Dit het die hele menslike ras in die dood gewerp.

95 Toe kom daar daardie ander Adam, wat Christus was, nooit so een soos Hy nie! Sê iemand Hy was nie God nie? Sy uniekheid bewys dat Hy God was. Daar was nooit ’n skepsel wat soos Hy gelewe het nie. Hy het in ’n wêreld aan Homself gelewe. Hy was buite die sfeer van die natuurlike sondige mens gebore. Halleluja! Hy is die Skepper Self wat vlees gemaak is.

Wie kon ooit staan waar Hy gestaan het? Wie kon ooit praat soos Hy? Wie kon ooit die dinge sê wat Hy gesê het.” Wie kon ooit die dinge doen wat Hy gedoen het? Sy uniekheid het bewys Hy was God. Daar was nie ’n profeet of niks anders wat kon doen wat Hy gedoen het nie; Wie die dode uit die graf kon terug roep, en Wie die hemele tot stilstand kon bring, en enigiets doen wat Hy wou. Hy was God. Wie kon ooit in Sy plek staan? Wie? Wat kon Hy anders wees as daardie perfekte, onsterflike God, wat vlees gemaak is en onder ons gewoon het!

96 Niks het ooit met Hom vergelyk nie. Hy het in ’n wêreld aan Homself gelewe. Geen mens het ooit soos Hy gespreek nie. Wanneer Hy net Sy mond oopgemaak het, was daar iets daaromtrent, wat anders was as enigiemand anders. Iemand het gesê Hy was net ’n gewone man; ek misken dit. Hy was God. Dis wat Hy was. Want, geen mens het ooit soos Hy

gepraat nie, geen mens kon ooit soos Hy praat nie, want Hy was die lewende Woord Self wat vlees gemaak is, die manifestasie van die volheid van God.

97 Ek sal toegee, daardie profete het hulle boodskap gehad. Hulle het dit toe gehad; hulle het dit nou. Maar daar was die volheid van die Godheid liggaamlik, daar gemanifesteer. Hy was die unieke Een, en Hy was die Een wat die gevolge moes dra. Met al Sy groot magte wat Hy gehad het, dat Hy absoluut die koning van die wêreld kon wees. Hy sal wees; en Hy, vir Sy heiliges, is Hy nou.

98 Hy het daar gestaan. Watter man sou arm wees, het nie 'n plek gehad waar Hy Sy hoof kon neerlê nie; wat selfs geweet het waar 'n vis 'n muntstuk ingesluk het. Wat, watter man kon daardie groot kanne water neem en hulle in wyn verander, en nie 'n plek hê om Sy hoof neer te lê nie? Hy moes die verantwoordelikheid in die oë kyk wat in Sy hand gegee was. Watter man, wat 'n man uit die graf kon laat opstaan, nadat hy vier dae dood was en verrot?

Kon Hy nie Homself red nie? Sekerlik, Hy kon; maar as Hy het, sou Hy ons nie gered het nie. Hy moes die verantwoordelikhede die hoof bied, en oor Sy gehoorsaamheid aan die Woord! Waar, Adam se ongehoorsaamheid, en hy het kortpad gekies, die—die pad af na Tarsis. Maar Jesus het die pad na Ninivé geneem, na die Heidene, om vir Homself 'n Bruid te kry. Ek is bly dat Hy dit gedoen het, vanaand. En ons behoort die feite in die gesig te staar, dat ons aan Hom behoort, en die wêreld wegneem. Amen!

99 Elke mens moes daarvoor te staan kom, wat 'n verantwoordelikheid voor God het. Ons neem net, byvoorbeeld, Noag. Hy het. Noag, Moses, Elía, en al die res van—van elke eeu, moes die verantwoordelikheid trotseer. En hulle moes dit doen, maar dis die rede waarom hulle in die uur gestuur is.

100 Kyk na Noag in sy wetenskaplike eeu, hoe hy die ding moes trotseer wat so onwetenskaplik was. Wel, daar was nie 'n—'n—'n rede waarom dit nie onwetenskaplik kon wees nie . . . Sien, dit—dit was onwetenskaplik, liewer. Wel, hulle het gesê dit gaan uit die lug uit reën. Hulle het nog nooit reën gehad wat uit die lug geval het nie. Nou, hy moes dit in die oë kyk. God het gesê dit sal reën. En toe hy . . .

101 Dan is geloof sonder werke dood; as jy sê: "Ek glo dit," en gaan nie tot aksie oor nie. Net soos die Boodskap, as jy sê: "Ek glo dit," en gaan nie tot aksie oor nie, watter nut sal dit hê? Sien? Noag het aan die werk gespring met sy hamer en 'n ark gebou, om te bevestig waarvan hy gepraat het. Dis wat ons ook moet doen. Ons moet aan die werk spring en ons geloof bewys, deur ons werke. Ons werke bewys ons geloof.

102 Moses moes dit doen, en Elía moes dit doen. Elke profeet in sy eeu moes opstaan en hierdie verantwoordelikhede trotseer. Maar, baie van hulle het nie soos Jona gemaak nie. Hy het gevlug; hulle het nie.

103 Let op: "Roep uit daarteen." O, goeiste! Daar is dit. Dis die onderwerp. "Roep uit daarteen." Daar is die stuitingsdeel.

Gaan net daarnatoe en sê vir daardie kêrels: "Sê, ek kom af om by julle manne aan te sluit. Julle weet, ek reken ek sal julle sê wat ek sal doen. Ek het net 'n klein dingetjie hier wat ek glo ons kan dit 'n . . . ons almal bymekaar bring, en doen *dit*, *dat*, en die *ander*.

Maar, dit was: "Roep uit daarteen, wanneer jy moet uitroep teen iets. Nou, hy moes uitroep teen alles wat daaronder was; uitroep teen die stad, uitroep teen hulle werk, uitroep teen hulle kerk, uitroep teen hulle profete, uitroep teen hulle predikante, uitroep teen hulle priesters. "Roep uit daarteen, die hele ding! Roep uit daarteen!"

104 Noag het uitgeroep teen sy eeu. Sekerlik, hy het, teen die kerke van sy eeu.

Moses het baie beslis uitgeroep teen sy—sy eeu; die mense, die priesters, ensovoorts. Hy het heelpad deur die wildernis uitgeroep. En elke bymekaarkomplek, het hy uitgeroep, gedurig gepreek vir die mense.

Elía was baie ongewild in sy dag, want hy het teen daardie eeu gepreek. Was sekerlik.

105 Johannes die Doper was baie ongewild in sy dag. Hy het teen sy eeu uitgeroep. Hy het vir die koning gesê, die—die heerser van die—van die land; hy—hy het, hy het met sy broer se vrou getrou. Hy moes oor troue en egskeiding preek, een môre. Dus het hy daarteen uitgeroep, hy het gesê: "Dis u nie geoorloof om haar te hê nie." Dit het hom later sy kop gekos, wat afgekap moes word, maar hy het uitgeroep en hy het by sy pos van diens gestaan.

Hy het nooit 'n skip na Tarsis geneem en gesê: "Wel, ek sal met jou saamstem nie, Herodus. Dis alles reg. So lank jy dink sy is 'n gawe vrou, sal sy jou 'n goeie vrou maak, gaan voort." O, genade. Daardie vadoeke, julle sien, ja, net elke klein dingetjie . . . Wel, dis niks anders as om vuil borde mee skoon te maak nie.

106 Maar, let op, Johannes was nie so nie. Hy het dit reg in die oë gekyk. Hy het gesê: "Dis u nie geoorloof om haar te hê nie." Ja, meneer. En hy het daarteen gestaan.

107 Hulle het nooit gevlug nie. Johannes het nie. Hulle het gestaan en die feite in die gesig gestaar. Moses het probeer vlug, eenkeer, soos Jona, maar God het hom teruggebring. Baie van hulle het probeer wegkom daarvan; hulle sou begin . . .

Maar, kyk, as God jou geroep het, en jy is seker dat God in die Boodskap is, is daar niks wat jou gaan laat omdraai nie. Dit het Jona nie laat omdraai nie. Nee, meneer.

108 Amos van ouds, het uitgeroep, gesê: "Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? En God het gespreek, wie sal nie profeteer nie?" Wie sal nie profeteer nie, wanneer jy sien God spreek en sê 'n sekere ding gaan gebeur, en daar is dit?

109 'n Leeu brul, almal is bang, ja, meneer, as jy ooit een hoor brul het in die oerwoud. Jy kan hierdie gemiaau rondom hierdie hokke hierbuite hoor, die mak leeus, maar julle behoort 'n regte, wilde een te hoor brul eenkeer. Klein rotsies sal van die heuwel afval, vyfhonderd jaarts ver. Ek wil sien waar al daardie wind uitkom uit daardie longe. En hy gooi sy kop ondertoe, gooi daardie pels op; ek het nog nooit enigiets gehoor. . . Soos 'n—'n kanon wat afgaan, wanneer hy daardie groot brul in sy longe uitbulk. Wie sal nie bang wees nie?

Hulle sê, as jy ooit deur 'n leeu doodgemaak word, is dit pynloos. Hy maak jou dood van vrees, voordat hy jou kry. Sien, jy kom dit nie agter nie. Hy maak jou bang met daardie groot woeste brul, en hier is hy binne 'n breukdeel van 'n sekonde op jou.

110 Hy het gesê: "Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? En God het gespreek, wie sal nie profeteer nie?" Wanneer jy sien God doen iets, sê jy. . . "Ek mag nie 'n profeet wees nie. . . " het Jona gesê: "Ek mag nie 'n profeet wees, of die seun van 'n profeet nie. Maar God het gespreek, wie sal nie profeteer nie?"

111 Ek mag nie 'n profeet wees nie, ek mag nie *dit*, *dat*, of die *ander* wees nie. Wanneer ek God enigiets sien doen, en ek sien dit hier in die Woord, en Hy het dit belowe, wie kan swyg en stilbly? Seker, Hy het dit gedoen.

112 Ons kan nie wegkruip agter geloofsbelydenisse en al hierdie broederskappe hier, en af na—na Tarsis nie. Ons wil nie saamgaan met die broederskappe nie.

113 Maar baie, soos Adam, doen dieselfde ding, probeer om 'n plaasvervanger te maak op een of ander manier, probeer 'n uitweg vind, en—en 'n plaasvervanger te maak, om God te trotseer. Na die besef van die verkeerde, die Waarheid in die oë gekyk, tog saam met sy vrou gegaan en presies gedoen wat God gesê het hy nie moet doen nie. Hy het steeds voortgegaan en dit gedoen, in elk geval. En toe bevind hy homself nakend, sy en hy, albei, in die tuin van Eden. Hulle oë het oopgegaan. Hulle het geweet wat reg en verkeerd was, toe. En toe het hy 'n plaasvervanger probeer vind, om homself soort van toe te maak daarmee.

Nou, dis omtrent net dieselfde wat ons vandag doen, 'n verskoning, sê: "Wel, ek sê jou, as dit *hier* was, of as *dit*." Of:

"as, as, as," dit is net. . . Sien? Maar jy moet dit in die oë kyk. Dis óf reg óf verkeerd. En as dit reg is, laat ons daarby bly. As dit verkeerd is, gee pad daarvan. Dis al. Kry wat. . . Vind uit wat reg is. Jy wil nie nog langer wag nie. Laat ons nou uitvind wat Waarheid is en wat reg is, en daarby bly. Ons weet dat dit waar is.

114 Nou, ons vind vandag dat ons mense so. . . Dit lyk of al die opregtheid weg is uit die kerke. Ek. . . In die. . .

115 Ons bly daar in die huis van 'n dierbare suster wat na dié kerk toe kom. Sy sit waarskynlik hier vanaand. En sy huur dit uit aan haar. . . die mense. En sy was net so goed vir ons oor daardie plek, om ons daardie plek te laat kry. En so sal ek graag haar naam wil noem, maar miskien wil sy nie hê ek moet nie. En sy was so goed vir ons, wel, ons sou haar sekerlik nie wou—nie wou blootstel nie. Maar sy was 'n baie, baie liewe vrou. En in die huis, was daar 'n televisie oorkant aan die eenkant. Ons het 'n klein, twee, dupleks.

Ek het 'n groot familie, en 'n klomp kleingoed, en ons. . . en julle—julle weet, en hulle moet beddens hê, en baie van hulle. En alles bo—op gebondel, en jy moet *dit* en deur *dat* loop, om in en uit te gaan.

116 En dan daar oorkant het hulle 'n televisie gehad. En op die televisie, hierdie kinders het begin kyk, Sondagoggend, een of ander gesing van gesange wat opgekom het. En, julle weet, dit—dit sou jou amper beskaamd gemaak het; as daar nie 'n egte Christelikheid iewers was waarop jy jou hande kon plaas nie, om te sien wat Christendom genoem word nie. Wel, dit lyk asof al die erns daaruit gegaan het. Wel, hulle doen nie, dit lyk nie of hulle. . . Wel, dis net vreeslik hoe hulle daar staan en vuismaak en met mekaar baklei, daarop, en probeer om gesange te sing en alles soos daardie; en grappe maak wat 'n matroos skaars sal maak, en allerhande dinge sê, en gekskeer en aangaan. Julle weet, die heiligheid van—van Christelikheid het gelyk asof dit sy plek verloor het.

117 Nou, ek gaan kerk toe en—en sien die pastoor daar opkom en aankondig dat daar—daar 'n—'n swembyeenkoms gaan wees. Al die vroue in hierdie swembroeke, hulle gaan almal daarnatoe. Hulle gaan 'n wedstryd hê; hierdie vroue, wat swem. En hulle gaan 'n—'n partytjie van een of ander soort hê, en hulle gaan 'n klomp—klomp hoender braai, en "bunco" speel, en—en al hierdie dinge soos dit. Vir my, neem dit die ware opregtheid uit Christendom; kom net met enigiets weg.

118 Ek het gesien, toe ons hierheen gekom het, het ons uitgevind. . . Julle weet, ons vind meer van ons susters wat kortbroek dra, hierbo in hierdie koue land, as wat jy hulle daar buite in daardie warm land kry. Sien, dis waar. Daarbuite waar dit regtig warm is, is daar nie te veel van hulle wat dit

dra nie. Maar hier, waar—waar dit koud is, doen hulle—hulle dit. Sien, dis, hulle besef nie dis die duiwel wat dit doen nie. Sien? Nou, as dit so gemaklik was, as dit was om jouself te help, sou dit anders wees. As 'n man, ek dink dit lyk sieklik aan 'n man, maar—maar jy—jy sou—sou nie enige notisie van 'n man neem nie. Maar, die dame, haar—haar liggaam is heilig, en sy moet dit so hou. En om te sien ou . . .

119 Julle kan sien, mense vandag. Daar is twee geeste. En een van hulle is die Heilige Gees; die ander een is 'n onheilige gees, en 'n mens word daardeur regeer. En beide van hulle godsdienstig. Nou, ja, dis die snaakse deel, hulle is albei godsdienstig. En net soos Esau en Jakob was, albei godsdienstig; soos Kain en Abel was, albei godsdienstig, soos Judas en Jesus was, albei godsdiens, albei godsdienstig. En ons sien dit vandag, albei kante, godsdienstig. Sien, dis dieselfde gees. Die mense sterf, maar die gees sterf nie. Dit gaan reguit aan, albei godsdienstig.

Een van hulle word besit deur die Heilige Gees, wat die soort lewe lei wat hulle behoort te lei, en goddelik en eerlik wandel. Hulle sou jou nie van 'n pennie beroof nie, en hulle—hulle doen alles so eerlik soos hulle kan, om jou te help. En die ander sal . . . Net so gaaf soos hulle kan wees.

En die ander, ons vind uit, dis net omgekeerd. En, tog, albei van hulle is godsdienstige geeste, twee van hulle; een, Heilige Gees; en die ander, 'n onheilige gees. En as jy opgemerk het, dit sal, hoewel daar op godsdiens aanspraak gemaak word, sal hulle die gek skeer met jou en jou 'n "holy roller" noem. Hulle doen alles wat hulle kan.

120 Hulle ignoreer die—die onveranderlike Woord van God, asof Dit nooit geskrywe was nie.

Sien, jy kan sê: "Nou, kyk hier, as—as die doop . . . "

"Ek het die Heilige Gees!"

"En staan daar met daardie sigaar in jou hand, en rook dit?"

"Ja, ek het die Heilige Gees! Ek dink nie dis verkeerd om 'n klein drankie te neem nie. Ek dink nie dit . . . " Sien?

En het julle opgemerk: "Ek dink nie."? Maar God dink anders, julle sien, volgens Sy Woord. Sien? Sien, hulle . . . En hulle—hulle sal net eenvoudig so goed soos—soos spuug Daarop. Dis presies reg.

121 Net so goed soos hierdie ou klein kreupel kêreltjie wat daar uitgekruip het daardie keer, toe Dawid van sy troon geëksommuniseer is. Hy het opgegaan op die Olyfberg, aan die uitgaan, en gehuil soos hy opgegaan het, soos hy teruggekyk

het. En hierdie ou klein kêreltjie het daar uitgekruip en het op hom gespuug. En daardie wag het gesê: "Sal ek die. . . daardie hond se kop op hom laat bly, en spuug op my koning?"

Dawid het gesê: "Laat staan hom." Sien, hulle het op hom gespuug.

122 Ongeveer agthonderd jaar later, het hulle op sy Seun, Jesus Christus, ook gespuug.

En vandag spuug hulle weer Daarop, asof Dit nie eens net was. . . Oneerbiedig, onbesorgd, draai net hul kop weg en stap weg Daarvan, en lag in jou gesig. Hoekom is dit? Hulle is op 'n skip na Tarsis. Dis presies reg.

Hierdie roeping tot God, jy moet uitroep teen boosheid, uitroep teen sonde, uitroep teen die dinge wat verkeerd is. Nou, onthou, dit sal wees.

Haai, julle weet, hierdie tyd. Julle weet, ek is twee uur verskillend. En in Tucson is dit net tien minute oor sewe, en—en ek raak soort van—soort van uit my plek hier. Huh? Goed.

123 Nou, onthou, ons sal daarvoor moet antwoord. Onthou, diegene wat op Christus spuug antwoord daarvoor.

Toe Dawid van sy ballingskap teruggekeer het, toe hy 'n vlugteling was, en toe hy teruggekeer het, onthou, het hierdie kêrel op sy gesig geval en uitgeroep om genade. Hy het op Dawid gespuug toe hy uitgegaan het, maar hy was amper gereed om sy voete met sy trane te was, toe hy teruggekom het.

En eendag sal hulle wat Jesus deurboor het dit sien.

En hulle wat Hom vandag deurboor sal dit ook sien. Hulle, eendag, sal dit terugkom. Onthou, Openbaring 22, vereis Hy van ons om elke Woord te onderhou wat Hy geskryf het; elke Woord.

124 Nou ons weet Sy Teenwoordigheid is hier. Dit is bevestig. Ons het dit. Ons vertrou, in hierdie komende week, dat dit sal voortgaan om onder ons bevestig te word; die siekes gesond sal word, en groot dinge sal plaasvind.

Ons wil nie die populêre idee hê nie. Ons wil die Waarheid hê. En ons wil nie, ons (wil) wil nie—ons wil niks anders in die oë kyk as wat God gesê het die Waarheid is nie. Maar: "Wees verseker dat jou sondes jou altyd sal inhaal." Indien nie hier nie, dan sal dit jou by die Oordeel kry. So jy is—jy is. . . Dit gaan jou iewers vang, nou. Ja, meneer.

125 Maar as jy 'n ware Christen is, waarlik geroepe soos Jona was, het God alreeds jou kaartjie betaal. Kom af van daardie skip af wat na Tarsis gaan, in elk geval. God het jou voorbestem tot hierdie lewe. Ja, meneer. As jy 'n ware, geroepe kind van God is, kom na Christus. Kom in die volheid van Hom

in. Jou reis is betaal tot waar? Dis betaal na Ninevé, nie Tarsis nie. Jy is voorbestem. Jou skip . . . Daar is 'n skip wat nou net vertrek, op sy pad. So daar is net een ding om te doen, dis klim daarop. En as jy soos God was, sal jy nooit enige vrede hê . . .

126 Soos my klein nefie, 'n rukkie terug. Omtrent tien jaar nou, het hy van bakboord na stuurboord gegaan. Een oggend gaan hy na hierdie kerk, hierdie Katolieke kerk hier onder, en neem hierdie een oor wat een of ander heilige vader van praat hier, en 'n ander *hier* oorkant, en een of ander *hier* oorkant. Wat beteken dit alles? Sien? En nou honger en dors hy steeds. Ek het gesê: "Jou plek is daar onder by die altaar, seun." Sien?

Daar is geen manier om daaruit te kom nie. Wanneer God ooit agter jou aankom, kan jy net sowel opgee en voortgaan. Dis al.

127 Onthou, God! Wel, God was in die boot. God was in die storm. God was in die vis. Oral waarheen hy gedraai het, daar was God.

Sien, God is daar, en dit sal jou net agtervolg. So waarom wag ons nog langer? Laat ons net hierdie herlewing reg begin. Reg! Waarop wag jy? Ons glo dat die Koms van die Here op hande is, en Hy sal 'n Bruid hê, en Dit gereed. En ons wil geen skepe na Tarsis hê nie. Ons gaan na Ninevé. Ons gaan na die Heerlikheid. Amen. Dis reg. Ons gaan na waar God gaan seën, en dis wat ons wil doen.

128 Lê buite in die Teenwoordigheid van God, dan, met ons harte; nie soveel ons hande nie, maar ons harte voor God, tot Hy ons rypgemaak het, deur en deur, soos dit, met die strale van Sy heerlikheid; en Sy—Sy goedheid in ons ingebak het, en dit wat ons het rypgemaak het, tot werklikheid, sien, tot waar ons andere kan wys dat Jesus Christus leef. O, goeiste! Ons wil dit glo.

129 En, onthou, waar Jona gegaan het, God was in die boot; God was in die storm; God was in die vis. Hy het aangehou om reg saam met Jona te wees tot Sy volmaakte wil gedoen was. Dis reg.

En as Hy ooit agter jou aan is, mag jy *hierdie* kant toe draai, en *daardie* kant toe draai, maar jy sal ellendig voel tot jy terugkom en die ding doen wat jy begin het om vir Hom te doen, in die eerste plek. Sien? Moenie gaan nie, wegvlug van die Teenwoordigheid van God nie. Kyk dit in die oë. Jy glo dis die Waarheid, laat dan . . . As dit die Waarheid is, is dit werd om voor te lewe, voor te sterf, enigiets anders. En as Hy dit ooit aan jou bevestig het, dat dit die Waarheid is, dan kan ons nie daarvan wegvlug nie, nêrens nie. Hy sal net daar wees, net dieselfde. Jy kan dit nie doen nie.

130 Deur Sy voorsiende profeet, die een wat Hy verordineer het om daar af te gaan en daardie boodskap te preek. Nou, dit het gelyk of Hy 'n ander profeet kon gestuur het, maar Hy het Jona verordineer; en selfs Elía sou nie gedeug het nie, Jeremia sou nie deug nie; Moses sou nie deug nie. Dit was Jona wat na Ninevé moes gaan. Dis was al wat dit was. Hy het dit aan hom opgedra en hom aangesê om te gaan. En wanneer Hy sê: "Gaan daarheen, Jona, gaan na Ninevé," kan niemand anders dit doen nie, net Jona.

En wanneer God jou iets sê, moet jy dit doen; niemand anders nie. Sien, ons moet dit net in die oë kyk, en, en dit gaan doen.

131 Ons glo dat ons in die uur lewe wanneer God iets aan die doen is. Ons glo dat ons nou onder hulle woon. Ek glo dat ek vanaand vir daardie gemeente preek wat—wat lê en wag daar buite om ryp te word. Ek—ek glo dit regtig, met my hele hart. Ek sou sê dis nou dieselfde as wat dit altyd was.

132 Nou, ons glo dat die uur gekom het dat Johannes 14:12 vervul moet word. Ons, ons glo dat Maleági 4 vervul moet word. Ons glo dat Lukas 17:30 vervul moet word. Ons glo dat, al hierdie profesië wat Hy gesê het, sou plaasvind in hierdie dag. Ons glo hulle moet vervul word, en ons glo ons sien hulle net nou vervul word. Dis presies reg.

133 Hou op vlug. Moenie uit Sy Teenwoordigheid uitgaan nie; beweeg net na Sy Teenwoordigheid toe. Dis reg. En ek weet dis wat julle graag wil doen. Want, ek het nommerplate hier buite gesien van Texas, en Louisiana, en oral. Dis waarvoor ons hier is, nie om van Sy Teenwoordigheid weg te vlug nie, maar om in Sy Teenwoordigheid in te vlug.

Kom terug, kom af die . . . [Leë kol op band—Rd.] . . . 'n Jona gewees het, as jy gewonder het watter weg om te volg of wat om te doen, kom aan, klim op die skip saam met ons vanaand. Ons gaan af na Tarsis, om uit te roep . . . of, Ninevé, om uit te roep. Ons laat daardie Tarsis skip aangaan as hulle wil. Ons het 'n plig voor God, dit is, 'n Boodskap waarvoor ons verantwoordelik is.

134 So in hierdie komende week, net 'n klein voorspel vanaand, om julle te laat weet. Wanneer ek uitroep, is ek alleenlik verantwoordelik vir 'n Boodskap, broeders. Julle predikers wat hier sit, ek is nie hier om julle gevoelens seer te maak nie. En julle vroue en mans, oor hierdie troue en egskeiding saak wat kom, ek wil hê julle moet vanaand onthou. Ek het dit alles gesê, om dit aan julle oor te dra, dat ek net aan God verantwoordelik is.

En dan, weer, ek is verantwoordelik aan julle, om julle die Waarheid te vertel. En ek gaan julle niks anders as die Waarheid vertel nie, solank as God my laat weet wat Waarheid

is. Tot ek die Waarheid ken, sal ek niks daaroor sê nie, sien, sal ek niks daaroor sê nie. Maar ek glo wel dat God my die Waarheid wys oor *Troue En Egskeiding*, en ek vertrou dat Hy my dit sal laat uitbring.

135 En ander Boodskappe wat ek beoog om hierdie week te hê, is, *Wie Is Hierdie Melgisédek? Waar Het God Gekies Om Sy Naam Te Plaas?* En 'n paar van daardie dinge soos dit, wat Boodskappe is wat nog kom, en *Geboortepyne*. En—en 'n paar dinge, dat in—in daardie orde, en aanvullend tot 'n *Man Wat Sy Vrou Kies*. En 'n paar dinge, daardie Boodskappe, wil ek hierdie week na vore bring. Maar ek wil net hê die gemeente . . .

136 Waar, as daar 'n prediker hier sou wees; ek is nie hier, my broers . . . Ek wil nie hê julle, of sommige van julle lidmate, moet teruggaan na julle kerk toe, en sê: "Broer Branham het *so* en *so* gesê nie."

Ek is pligsgebonde tot 'n Boodskap wat vir my gegee is deur Almagtige God. Soos ek vanaand hier staan, en God weet dit is waar, dat reg af op hierdie rivier . . . Daar is mense, miskien, wat hier sit, toe daardie Engel van die Here daar afgekom het en my gesê het wat Hy gedoen het, reg daar in 1933, reg af op hierdie Springstraat hier. As jy 'n vreemdeling hier is, ry reg af. Dis die hoek van Springstraat, daar waar jy by die rivier kom, en dis daar waar dit gebeur het. Dit was in 1933. Dit was dan waarskynlik twee—en—dertig jaar gelede. O, dit was dertig— . . . dit was dertig— . . . twee—en—dertig jaar gelede, twee—en—dertig jaar gelede.

En hoedat Hy dit reg afgebring het, alles. En ons het uitgegaan, die Boodskap gebring, en die siekes sien genees word, die blindes, en die kreupeles, en lam, en mank, en alles. En dan selfs die dooies sien, wat ons weet bewys was, opgewek word uit die dood. Die mense sterf, en word weer reguit terug na die lewe opgewek, en al hierdie dinge. As 'n Boodskap uitgaan, is daar tekens en wonders!

137 En jy sien steeds daardie selfde ou denkwyse waarmee jy gekom het? Dit het nie van God gekom nie. God hoef nie net te doen . . .

God probeer jou aandag trek na Iets.

138 En toe, toe Jesus uitgegaan het, het Hy die siekes begin gesond maak, en groot werke en dinge gedoen. Hy, altyd, Hy . . . Jesus het dit gedoen. En Moses en Jesus het dit gedoen, en die res van hulle. En toe Hy hier was, het Hy dit gedoen.

En Hy doen dit, dieselfde ding vandag. Wanneer Hy 'n byeenkoms soos daardie uitstuur, herlewings, en 'n byeenkoms in die aarde begin, en begin beweeg saam met hierdie groot tekens en wonders. En jy sien dan, daardie selfde ou leerskool,

wat terugkom; is daar—daar iets verkeerd daar êrens. Daar is iets nuuts wat voortkom! Toe Jesus uitgekom het, nadat, toe . . .

139 "Hy is 'n goeie rabbi." Hy kon na enige preekstoel gaan en preek, toe Hy die siekes gesond gemaak het. Toe, o, hulle het daarvan gehou om Hom daaroorkant te hê.

Maar eendag toe Hy gaan sit, en gesê het: "Ek en My Vader is Een," broer, was Hy nie meer so gewild daarna nie. Toe Hy gesê het: "As jy nie My vlees eet, en My bloed drink nie, het jy geen Lewe in jou nie. Maar hy wat My vlees eet, en My bloed drink, het die ewige Lewe; en Ek sal hom in die laaste dag opwek." Toe, van toe af was Hy nie so gewild nie.

140 Hulle het gesê: "Hierdie Man is 'n vampier. Hierdie Man is 'n Beëlsibub. Dis op dié manier dat hy die dinge gedoen het. Hy kon fortuine vertel. Hy het deur hulle—hulle verstand gekyk en hulle gedagtes onderskei. Hy is 'n fortuinverteller."

Maar, wat dit was, Hy—Hy was die Woord van God gemanifesteer vir daardie uur. En Hy was pligsgebonde. Hy het gesê: "Ek doen altyd wat welgevallig is vir My Vader." God help ons om dieselfde ding te doen, dit te doen wat welgevallig vir die Vader is.

141 En ek hoop julle sal almal verstaan. As julle nie saamstem met my oor hierdie Boodskappe en dinge nie, dat julle sal onthou, ten minste hierdie respek sal hê, dat ek 'n verantwoordelikheid het, en ek gaan nie na Tarsis toe nie. Ek is op die pad na Ninevé, en ek—ek moet uitroep. Die Here seën julle almal.

Laat ons nou ons hoofde buig vir 'n oomblik.

142 Dis amper nege—dertig. Ek wil julle nie ophou nie, maar ek wil dit graag vind as ek kan, vanaand. Is daar sommige hier wat—wat net nie presies is waar jy behoort te wees in Christus nie, maar jy—jy sou wou wees, en jy verlang om te wees, sal jy net jou hand opsteek, sê: "Broer Branham, bid vir my"? God seën julle, kyk net na die hande. "Ek—ek wil . . . Ek is hier, Broer Branham, om nader aan God te kom."

En as jou hoof opgelig was, my—my hand is ook op. Dis waarvoor ek hier is. Ek is honger, soos julle.

143 Maar, o, nou die dag, het een van die grootste dinge gebeur, en ek—ek weet nou wat om te doen. En ek—ek bid dat God julle daardie helder insig sal gee. Dis daar. Die . . . As daar 'n vraag in jou gedagte is, moet daar 'n antwoord iewers wees, om daardie vraag te beantwoord. My gebed, is, dat God julle daardie vraag sien beantwoord word gedurende hierdie tyd.

144 As julle siek is, mag God julle genees. Ons gaan genesingsdienste hê, meen ek, omtrent elke aand, en ons gaan vir die siekes bid. Ons gaan enigiets doen wat ons kan om julle

te help, en doen julle enigiets wat julle kan om ons te help. En ons sal saamwerk, en vertrou dat God ons 'n puik byeenkoms sal gee.

145 Nou, Vader God, hierdie paar opgebreekte woordjies, maar hulle is nou in U hande. Here, hulle is gesê. Ek sal daaraan moet voldoen. Net soos. . . Hierdie woorde kan nooit sterf nie; hulle gaan om en om die aarde, op 'n rekord, en eendag sal ek dit weer in die oë moet kyk. Ek besef dit, Here, en ek sê dit in diepe opregtheid.

146 Ek bid, dierbare God, vanaand, vir elkeen van dié, U kinders. En, o God, ek vertrou, voor die week verby is, dat hulle sal—hulle sal verstaan; dat die saak wat vanaand so groot in hulle gedagte is, opgelos sal wees. Skenk dit, Here.

147 Daar is sommige hier wat U nog nie ken nie Vader, as Verlosser nie, of miskien nooit vervul was met die Heilige Gees nie. Mag hierdie daardie aand wees.

148 Here, ek kan niemand met die Heilige Gees vervul nie; nóg kan ek enigiemand red. Ek kan hulle net vertel wat U gesê het: "Salig is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word." En ek bid, God, dat U so 'n honger in hulle harte sal skep.

Baie, Here, hulle moet honger wees; hoe sou hulle hierdie honderde myle ry, deur ys en alles, en oor reënerige berge, en oor woestyne, om na 'n ou klein plekkie te kom wat hier op die hoek sit! Dan dink ek weer, U het gesê: "Waar die Karkas is, sal die arende bymekaar kom." Voed ons, Here, op U Goddelike Manna. Gee aan ons siele dit wat ons regtig nodig het. Ons dors na U, Vader. Ons is nou in U hande.

149 Laat die groot Heilige Gees wat nou die dag daarbo op die berg afgekom het, elke hart hierbinne deurweek, bid ek, met Sy goedheid en genade, met begrip. Ons besef, Vader, dis wat ons nodig het, om te kan verstaan. Want as ons nie weet wat ons doen nie, hoe sal ons dan weet hoe om dit te doen? Maar ons moet begrip hê. Soos Daniël gesê het, hy het "verstaan deur die profeet Jeremia se Geskrifte." En, Vader, ons het begrip deur die Heilige Gees se Geskrifte soos Hy dit wil openbaar aan ons in hierdie uur. Gee ons Here, die begeertes wat ons vir U het. Tederlik vra ons dit, Vader, vir U verheerliking, in die Naam van Jesus Christus.

150 Nou met ons hoofde gebuig. Soos ons suster speel, daardie: "Hy sal my genade en glorie gee, en met my gaan die hele weg." Ek wil nou net hê julle moet saggies bid en die Hemelse Vader vra of Hy jou vanaand sal gee dit wat jy nodig het.

151 Dierbare broer, dierbare suster, Hy is net so naby soos jou arm aan jou. Julle, julle het my in—in ander dinge geglo, glo my hierin. Hy is hier om jou te gee wat ook al jy nodig het.

152 O, vir die afgelope paar weke was ek so honger, so dors, so verlangend, om julle te sien. Dis daarom dat ek gesê het: "Billy, kom ons gaan huistoe."

Meda het gesê: "Waarvoor wil jy daarnatoe teruggaan, na daardie koue land toe, Bill? Jy kry altyd 'n seer keel en alles. Jy kom altyd uit met kopverkoue, en jy is hees, en jy kan skaars praat."

153 Ek het gesê: "Wel, ek weet nie." Ek het vir haar gesê. . . Ek sien my vriend, Charlie Cox, sit daaragter. Ek het gesê: "Ek is so lus om Charlie te hoor sê: 'Daardie klein eekhorinkie het in daardie boom daaroorkant geklim.' Ek raak so honger om dit te hoor." Ek—ek wil net—wil net by julle wees.

154 Ek weet my Broer Banks het regtig siek geword. En ek het 'n gesig van hom gesien, hier, nie lank gelede nie, en hy het op sy rug gelê. En ek weet hy het ons baie amper verlaat, onlangs. Wanneer ek na die verskillendes van julle kyk. . .

155 Ek het nou die aand ingekom na die Christen Besigheidsmanne se byeenkoms, en internasionaal. Ou "Pop" Shakarian, Demos se vader, was gewoond om daar te sit en het net aangehou met kyk tot ek ingekom het, dan sou hy glimlag, en met daardie klein wuifie sou hy vir my wuif. Hy was nie daar nie. Hy was weg.

Toe moes ek na daardie familie toe kom, met SO SPREEK DIE HERE, hulle dogter gaan sterf, ook. Florence, ek het haar in 'n gesig gesien, haar gesien gaan. En ek weet sy gaan. En ek het gesê: "Bid, bid net. Julle wat daar is. . . 'n Profeet was eenkeer aangesê om 'n koning te gaan sê om sy huis in orde te bring. En hy het gebid, en Hy het sy lewe gespaar, vyftien jaar langer."

Ek het gesê: "Bid."

156 Maar, julle kyk, en ek—ek het teruggekom. . . Ek het hier oorkant in 'n restaurant gesit, nou die dag, en geëet 'n man het opgestap na my toe, gesê: "Is jy nie Billy Branham nie?"

Ek het gesê: "Ja."

157 Hy het my waarskynlik nie geken nie, oor *hierdie* oor my kaal kol op my kop. Ek het hierdie haarstukkie gedra, sodat ek nie 'n seer keel gedurende hierdie byeenkoms sou kry nie.

En hy het opgestap na my toe, hy het gesê: "Ek het gedink ek ken jou, Billy."

Ek het gesê: "Ja." Ek het gesê: "Wie is jy?"

Gesê: "Ek is John Warman."

Ek het gesê: "Hoe gaan dit met Zip?"

Hy het gesê: "Billy, hy het gesterf." Uh!

158 Ek het afgestap gekom deur die hofgebou; afgegaan om my belasting te betaal. Afgekom deur die hofgebou, en 'n dame het vir my geskree en sy het gesê: "Het jy geweet John is weg?" Of,

een of ander naam. Dit kon dalk nie John gewees het nie; Ed, of iets. En ek het gesê. . . Ek het nie die vrou geken nie. Ek het verleë gevoel. En uitgevind, ek het nie geweet wie sy was nie.

Sy het gesê: "Onthou jy een donker aand toe die rivier die walle hierbuite oorstroom het, en huise weggespoel het, oorkant op Chestnutstraat, en jy jou lewe gewaag het om in 'n plek in te gaan om 'n vrou en 'n paar klein kindertjies uit te kry?"

Ek het gesê: "Was jy sy?"

159 Sy het gesê: "Ek—ek is die dame." Sy het begin skree vir haar baba; julle ken my storie. Sy het gesê: "Daardie een wat ek 'my baba' genoem het, is getroud en het 'n familie." Sien? En hier is sy, oud en grys; en hier is ek, ook.

160 Een vir een, ons kaarte gaan uit die rak, soos dit was. En ons hou byeenkomste, en ek mis *hierdie* een, mis *daardie* een. Ons almal moet een van die dae as vermis opkom.

Maar broer, suster, daar is 'n bymekaarkom Plek. Laat ons nou seker maak dat ons reg is. Sal julle? Moenie dat al ons begrip van God, ensovoorts, verniet was nie. Laat ons glo.

161 Vader, hulle is in U hande. Ek is in U hande, Here. Ons is nou net hier in toewyding, voor die komende byeenkoms wat môreaand begin. Sal U ons help, Here? Mag ons—mag ons geselskap gedurig oor U wees! Mag ons harte en gedagtes op U gevestig wees, en U het gesê U sal ons in volmaakte vrede hou. Dis ook in die Bybel geskryf: "Steun nie op jou eie insig nie." O God, ons wil nie ons insigte hê nie; ons wil U insigte hê. Gee hulle vir ons, O God. En mag die herlewing binne in ons siele kom tot hierdie klomp mense net een van hart en een van stem sal wees. Skenk dit, Vader. Skenk hierdie dinge, terwyl ons bid in Jesus Christus se Naam.

Tot my weggeraapte siel sal vind
Rus oorkant die rivier.

In die kruis, in die kruis,
Sal ek ro—. . . (laat ons ons hande opsteek). . .
ewig;
Tot my weggeraapte siel sal vind
Rus oorkant die rivier.

Jesus, hou my by die kruis,
Die fontein van lewe,
'n Genesingsstroom wat daar vloei vir. . . (ja,
Here, vry). . . vry,
Van Sy lydingsheuwel.

In die kruis, in die kruis,
Sal ek roem vir ewig;
Tot my weggeraapte siel sal vind
Rus oorkant die rivier.

162 [Broer Branham begin *By Die Kruis* neurie—Rd.] O God! As daar enige van julle is wat voel julle wou graag opkom en kniel rondom die altaar, as julle net graag wou kom, sê: "Ek is nie waar ek moet wees nie, Here. Ek—ek wil 'n hertoewyding doen. Ek wil dit vanaand doen, Here." Julle is welkom om te kom. Ons sal hier wees om saam met julle te bid. [Broer Branham hou aan om *By Die Kruis* te neurie.]

In die kruis, in die kruis,
Sal ek roem vir ewig;
Tot my weggeraapte siel sal vind
Rus oorkant die rivier.

Jesus, hou my by die kruis,
Die fontein van lewe,
'n Genesingsstroom wat daar vloei vir almal vry,
Van Sy lydingsheuwel.

In die kruis, in die kruis,
Sal ek roem vir ewig;
Tot my weggeraapte siel sal vind
Rus oorkant die rivier.

163 Laat ons net bid, elkeen op jou eie manier nou. Vergeet net—net tyd. Laat ons net ons hoofde buig in Sy Teenwoordigheid. Hierdie dametjie hier, wat uitroep: "Ek het U lief, Jesus!" Onthou julle toe julle gered was, baie jare gelede, onthou hoe lieflik dit vir jou was? Hy is net so lieflik vanaand. Laat ons bid, almal op julle eie manier nou. Laat ons net—laat ons net almal onsself toewy aan God, net onsself opdra aan die Here.

164 Dierbare Here Jesus . . . [Leë kol op band—Rd.]

Die Stroom van al my troos,
Meer as lewe vir my,
Wie het ek op aarde naas U?
Of wie in die Hemel behalwe U?

Dierbare God, ons bid nou dat U barmhartigheid en genade op elkeen van ons sal rus, Here. Ons is hier rondom die altaar. Baie kon nie opkom nie; U sal hulle in hul sitplekke ontmoet. Wat ons ook al aanbied, Here, sal U aanneem. As ons U net ons tyd aanbied, sal U dit aanneem; talent, sal U aanneem. Maar, Here God, vanaand gaan ons verder as dit, ons bied alles wat ons is aan. Alles wat ek is, alles wat ek verwag om te wees, alles is in U, Here. Ons bid dat U hierdie, ons gebede, in U hart sal inneem, Here, en gee ons van die groot diepte van die Heilige Gees, dat ons lewens verander sal word. Want, ons sien dat ons nou naby die end is. Kan nie meer baie langer wees nie. En soos ons ons geliefdes sien val, dag na dag, jonk en oud; weet ons dit moet spoedig aan ons deur klop. En vanaand,

Here, terwyl ons by ons volle verstand is, hier sit, of hier kniel, hier staan, of watter posisie ons ook al in is, ontvang ons, Here God.

165 Neem my, Here. Ek is niks nie, maar wat ek ook al is, Here, as U enige nut uit my kan kry, wy ek myself aan U toe.

166 Ek bid, dierbare God, vir elkeen van hierdie. Hierdie dierbare mense oor wie ek gehuil het toe ek daar ver in die berge in Arizona gestaan het, en hier is hulle langs die altaar vanaand saam met ons gekniel, in gebed, ons wy ons lewens toe. Ons het U lief, Vader, meer as ons eie lewens. Ons het U liewer as ons eie families. Ons het U liewer as vrou, kinders, vader, moeder, suster, broer, man, vrou. Ons het U lief, Here Jesus. Maak dit so werklik in ons harte, Here. Stort die vreugde olie, hierdie week, Here, in ons siele. Gee ons 'n bad, 'n was met die Woord, deur die water van die Woord, onderskei die Waarheid vir ons.

167 Baie hier vanaand, Here, en sal hier wees, wat deurmekaar is oor hierdie onderwerpe wat lewensbelangrik is. O God, maak daardie fontein oop in die huis van God, wat—wat vir ons reiniging is. Ek bid, God, dat U ons sal was en reinig in U Bloed, en ons nuwe skepsels maak. En gee ons genade en sterkte, om die Woord van Waarheid voort te bring in Sy Goddelike openbaring van die Wese van Jesus Christus.

Mag Hy voor ons verskyn, Here. Mag Hy kom en ons siekte genees, ons sondes vergewe, ons honger harte met blye tyding van groot vreugde vervul, die Evangelie manifesteer in ons lewens.

Seën elke pastoor, elke sangleier, elke Sondagskool onderwyser. Seën ons almal saam, Here, want ons het U werklik lief. En nou is ons Uwe, Here, in hierdie toewyding. In die Naam van Jesus Christus, gebruik ons nou volgens U Eie wil.

My geloof kyk op na U,
U Lam van Golgota,
O Goddelike Verlosser;
Hoor my nou wyl ek bid,
Neem al my sonde weg,
O laat my vanaf hierdie dag
Geheel Uwe wees!

Hou julle daarvan? Laat ons weer sing.

Wyl ek die lewe se donker doolhof bewandel,
En verdriet rondom my versprei,
O, wees U my Gids;
Laat duisternis verander in dag,
Vee verdriet se trane weg,
Of laat ek ooit wegdwaal
Weg van U.

Laat dit julle goed voel? [Gemeente sê: "Amen."—Rd.] Hoeveel hou daarvan om die ou liedere te sing? ["Amen."] Ek is net lief vir hulle. En julle?

O, ons marsjeer na Sion,
Lieflike, lieflike Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Die lieflike Stad van God.

O, ons marsjeer na Sion,
O, lieflike, lieflike Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Die lieflike Stad van God.

Kom, ons wat die Here liefhet,
En laat ons vreugde bekend word,
Sing die lied saam in soete akkoord,
Sing die lied saam in soete akkoord,
En omring so die Troon,
En omring so . . .

Nou, laat ons staan wanneer ons dit sing. Skud hande met mekaar.

Marsjeer na Sion,

Seën jou suster! Seën jou, suster. Seën jou, broer! Seën jou, suster! [Broer Branham hou aan om die mense te groet—Rd.]

Die lieflike Stad van God.

Laat ons nou ons hande opsteek na God.

O, ons marsjeer na Sion,
Lieflike, lieflike Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Die lieflike Stad van God.

O, ons marsjeer na Sion,
O, lieflike, lieflike Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Die lieflike Stad van God.

Laat dit julle nie wonderlik voel nie? [Gemeente juig—Rd.] Goeiste, goeiste! O, laat ons net ons hande opsteek en Hom net op ons eie manier prys.

168 Here Jesus, U die Roos van Saron, Lelie van die Dale, die Blinkende Môrester, die Skoonste uit tienduisend aan my siel. U die Stroom van al my troos, meer as die lewe vir my! Hoe ons U bemin! Hoor ons, O Here. Hoe ons U dank! O! [Leë kol op band—Rd.] Hoe ons U prys! Seën hierdie mense, ons kosbare Heer en Verlosser! Skenk hierdie dinge, Here. Skenk dit. [Broer Branham en gemeente hou aan om te bid en God te prys.—Rd.]

In die kruis, in die kruis,
Sal ek roem vir ewig;
Tot my weggeraapte siel sal vind
Rus oorkant die rivier.

169 Op een, of ander manier, voel ek net ons gaan. . . Daar is iets wat reg voor ons lê. Nou, onthou net, ek glo ek profeteer. Groot vreugde lê voor. Glo dit. Dis reg. Baie treurende harte sal. . . Groot geheimenisse sal duidelik word, en mense wat treurig is, sal vreugdevol word. [Gemeente juig—Rd.]

In die kruis, in die kruis,
Sal ek roem vir ewig;
Tot my weggeraapte siel sal vind
Rus oorkant die rivier.

170 Soos Johannes van ouds, toe hy te oud geword het om te preek, sou hy net sit en skree, vertel hulle my, met al sy krag: "Klein kindertjies, bemin mekaar!" Bemin mekaar. Moenie laat iets tussen julle kom nie, sien. Hou alles, elke ding weg van. . . Ja, wat dit ook al is, kyk dit in die oë. Ons is oppad na Ninevé. Sien? Moenie op daardie ou skip van Tarsis klim nie, wat julle uit die geselskap wegneem nie. Laat ons aanbeweeg reg op in die stroom van God se seëninge. Ek glo ons gaan dit hê. Ek glo ons Vader.

171 Voel nou beter, suster? Dis goed. Dis die manier waarvan ek hou om kinders gebore te sien word, daardie deurbraak. [Die suster hou aan met bid en juig—Rd.]

Ek kan net dink aan jare gelede, reg op hierdie gronde, hoeveel duisende reg in die Koninkryk van God gebore is, reg op hierdie gronde. Hoe min het ons geweet, toe ons hier gestaan het met 'n tagtig sent in ons sak, om die kerk mee te bou! O, Hy het gesê: "Ek die Here het dit geplant; Ek sal dit dag en nag water gee." En Hy het dit gedoen. Hy het dit gedoen.

God seën julle. Nou wanneer ons ons hoofde buig. . .

172 Nou, môreaand, onthou, sal die dienste hierbo by die skoolouditorium gehou word. En as. . . Ons sal nou iemand hier sit, om die mense te wys hoe om daar te kom, want nuwes sal inkom.

173 Julle Hom liefhet, sê: "Amen." [Die gemeente sê: "Amen."—Rd.] O, is Hy nie wonderlik nie? ["Amen."]

174 Ek het hieronder op die oewer gestaan, en daardie ou lied gesing:

Op Jordaan se stormagtige oewers staan ek,

Dink, dit was dertig jaar gelede, drie—en—dertig, drie—en—dertig jaar gelede.

En rig 'n verlangende blik,
Na Kanaäns mooi en blye land,
Waar my besittings is.

En baie wat ek gedoop het, daardie aand, is nou hier oorkant. Toe hulle daar gestaan het en getuies was van daardie Môrester wat afgekom het uit die hemele, rondgesirkel soos dit, gesê: "Soos Johannes die Doper gestuur was om te bring, die eerste koms van Christus vooraf te gaan, sal jou Boodskap die tweede Koms voorafgaan." Hoe kon dit gedink word? Maar, al God se Woorde is waar, al God se Woorde. Ons lewe in die Teenwoordigheid van die groot Koning. God seën julle.

175 Terwyl ons ons hoofde buig, gaan ek Broer Neville vra, ons kosbare pastoor, om hier te kom en ons met gebed te verdaag. God seën jou, Broer Neville.

'n Man Wat Van Die Teenwoordigheid Van Die Here Af Wegvlug, Vol. 13 No. 9
(*A Man Running From The Presence Of The Lord*, Vol. 5 No. 8R)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Woensdag 17 Februarie 1965 by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2000 deur:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org